KLK



2026

Jaarverslag

GEOGRAFIESE KAART



- KLK Handelstak
- Rybaan
- KLK Abattoir
- Lifestyle winkel
- KLK Voerkraal
- KLK Petroleum Verspreiders
- KLK Express Geriefswinkel
- Carpe Diem Raisins
- Velle & Huide (SA Dorper in JHB)

VISIE

Jou betroubare vennoot met innoverende oplossings regdeur die landbou-voorsieningsketting.

MISSIE

Om innoverende oplossings te lewer ter bereiking van ons besigheidsdoelwitte in die verkryging, verwerking, verskaffing en verkoop van landboubenodighede, produkte, dienste en produkte vir nismarkte, tot voordeel van alle belangegroepe.

KERN-WAARDES

Resultaatgedrewe

Integriteit

Behoeftegedrewe

Deelnemend

Dinamies & Innoverend

HANDEL

Die agttien handelstakke, strek oor ons geografiese gebied vanaf Pofadder in die weste, Kuruman in die ooste, Rietfontein in die noorde en Calvinia in die suide. Die eerste KLK Lifestyle winkel is in 2025 in Upington geopen, en in April 2026 is die tweede KLK Lifestyle winkel in Kathu geopen.

PETROLEUM

KLK Petroleum Versprei ders versprei grootmaat BP brandstof, gas en smeermiddels in die Noord-Kaap.

RYBANE

Ons bedryf tans 11 rybane, een Engen en tien KLK-rybane, vanaf Olifantshoek tot Calvinia. Die eerste KLK Express geriefswinkel is by Gordonia Motors Rybaan in Upington geopen en daar is ook in 2025 Express winkels geopen by Kakamas en Calvinia rybane onderskeidelik.

VLEISHANDEL

Die twee abattoirs te Carnarvon en Upington behartig die verslagting en verkope van lams- en beeskarkasse. KLK beskik oor ‘n 4500 staankapasiteit skaapvoerkraal om diere markgereed te kry.


VERWERKING

SA Dorper behartig die verwerking en uitvoer van dorpervelle en die kontrakverwerking van beeshuide.

Carpe Diem Raisins is ‘n gevestigde handelsnaam in die internasionale rosyntjiemark. Carpe Diem Raisins koop, verwerk en verpak rosyntjieprodukte langs die Oranjerivierstreek en bemark hoofsaaklik in die buitelandse mark.

Cool Raisins vorm deel van Carpe Diem Raisins en fokus op die verpakking van kleinverbruikers-verpakkings vir beide die nasionale kleinhandelmark sowel as die internasionale mark.

MAATSKAPPYSTRUKTUUR



Senwes Beperk hou die meerderheidsaandeel (58.80%) in KLK Landbou Beperk op verslagdoeningsdatum.

INHOUDSOPGAWE

1 Die Geografiese kaart
2 Ons besigheid
3 Inhoudsopgawe
4 Korporatiewe Inligting
5 Finansiële Oorsig en Statistieke
6 Raad van Direkteure
7 Voorsittersverslag
8 Besturende Direkteursverslag
12 Sosiale en Etiesekomiteeverslag
13 Korporatiewe Bestuursverslag
16 Volhoubaarheidsverslag
18 Oudit-en-Risikokomiteeverslag
20 Verklaring deur die Maatskappysekretaris
20 Verklaring van Direkteursverantwoordelikheid
21 Direkteursverslag
22 State



KORPORATIEWE INLIGTING

Maatskappy Registrasienommer:
1997/015589/06

Geregistreerde Kantoor:
Karakoelstraat 14
Upington
8801

Posadres:
Posbus 86
Upington
8800

Webblad:
www.klk.co.za

Ouditeure:
PricewaterhouseCoopers Inc. (PwC)
61 Tweedelaan, Westdene
Bloemfontein
9300

Bankier:
Eerste Nasionale Bank
4 Merchant Place
h/v Fredmanrylaan en Rivoniaweg
Sandton
2196

Maatskappysekretaris:
Grandville Marquard

AANDEELHOUERSDAGBOEK

Finansiële Jaareinde: **28 Februarie 2026**
Algemene Jaarvergadering: **31 Julie 2026**

Finansiële verslae:
- Bekendmaking van resultate: **6 Julie 2026**
- Beskikbaarheid van finansiële jaarstate: **10 Julie 2026**
- Tussentydse verslag vir die halfjaar tot Augustus: **Oktober 2026**


VOLLEDIGE JAARVERSLAG

Hierdie uitgawe is die verkorte Afrikaanse 2026 Jaarverslag.
Die volledige ongekwalifiseerde gekonsolideerde geouditeurde finansiële resultate is beskikbaar by KLK se geregistreerde kantoor.




FINANSIËLE OORSIG EN STATISTIEKE


OMSET (uitgesluit intergroep transaksies)




DIVIDEND PER AANDEEL




NETTO WINS NA BELASTING




BASIESE VERDIENSTE PER AANDEEL




AANDEELHOUERSBELANG




OPBRENGS OP AANDEELHOUERSBELANG



NETTO BATEWAARDE PER AANDEEL



EKWITEITSVERHOUDING: EIE KAPITAAL



RAAD VAN DIREKTEURE

VOORSITTER

AJ (Andrew) de Haast - (59)

- Voorsitter van die Raad van Direkteure
- Voorsitter van die Voorsitterskomitee
- Voorsitter van die Sosiale en Etiese Komitee

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

D (Debbie) Bester - (39)

- Vise-voorsitter van die Raad van Direkteure
- Lid van die Sosiale en Etiese Komitee

D (Derek) Engelbrecht- (52)

VJ (Venete) Klein - (67)

- Lid van die Menslikehulpbronkomitee
- Lid van die Oudit-en-Risikokomitee

AR (Arend) Kotzé - (63)

- Voorsitter van die Menslikehulpbronkomitee
- Lid van die Oudit-en-Risikokomitee

JDM (Danie) Minnaar - (61)

GC (Gert) Olivier - (49)

- Voorsitter van die Oudit-en-Risikokomitee

PC (Flippie) Cloete - (45) (Alternatiewe Direkteur)

UITVOERENDE DIREKTEURE

C (Charl) du Plessis - (52)

- Besturende Direkteur KLK Groep
- Lid van die Voorsitterskomitee
- Lid van die Sosiale en Etiese Komitee
- Lid van die Menslikehulpbronkomitee

JPT (Johan) Koen - (41)

- Finansiële Direkteur

MAATSKAPPYSEKRETARIS

G (Grandville) Marquard - (64)

- Interne Ouditeur

UITVOERENDE BESTUUR

Charl du Plessis - (52)

Besturende Direkteur: KLK Groep

Johan Koen - (41)

Finansiële Direkteur

Vivien Viviers - (55)

Bestuurder: Bedryf

Phillip Swart - (58)

Bestuurder: Brandstof

Philip Naude - (56)

Bestuurder: Abattoirs en Voerkraal

Lance Howley - (35)

Bestuurder: Menslikehulpbronne

Roan Pretorius - (38)

Bestuurder: Inlingtingstegnologie


Dawid van den Berg - (50)

Besturende Direkteur: Carpe Diem Raisins

SA DORPER BESTUUR

Raffaelle Bicego - (64)

Besturende Direkteur: SA Dorper



VOORSITTERSVERSLAG

Dit is vir my 'n voorreg om my eerste Voorsittersverslag aan u voor te lê.

DIE LANDBOU- EN EKONOMIESE OMGEWING

Die wêreldekonomie word tans oorheers deur die nagevolge van die oorlog in Iran, wat gelei het tot dramatiese stygings in die pryse van olie, kunsmis en verwante produkte. Die sluiting van die Straat van Hormuz het 'n skerp styging in die olieprys en tekorte aan sekere petroleumprodukte veroorsaak. Dit het daartoe gelei dat die dieselprys in Suid-Afrika tot R35 per liter gestyg het. Pryse van chemikalieë en kunsmis het met meer as 30% toegeneem. Hierdie kostestygings kan wêreldwyd 'n negatiewe impak op voedselvoorsiening sowel as inflasie hê.

Die buitengewone klimaatstoestande wat gedurende die eerste vyf maande van 2026 oor die grootste deel van Suid-Afrika geheers het, het ook 'n negatiewe impak op die land gehad, met beduidende infrastuktuurskade in feitlik al die provinsies.

Die Amerikaanse President se wisselvallige standpunt oor handelstariewe, sowel as sy negatiewe houding oor Suid-Afrika, het 'n beduidende invloed op Suid-Afrika se vermoë gehad om winsgewend na die VSA uit te voer. Dit is onwaarskynlik dat sy standpunt gedurende die res van sy ampstermyn sal verander, en ons sal as land toenemend na die Ooste moet kyk om geleenthede te benut wat uit die nultarief-handelsooreenkoms met China mag voortspruit.

Gedurende die finansiële jaar is KLK negatief beïnvloed deur die bogenoemde realiteite, sowel as die impak van die onvoldoende bestuur van die Bek-en-Klouseer-uitbraak, wat steeds uitdagings skep, veral met die huidige inentingsprogram. Rosyntjie-uitvoere na die VSA het afgeneem, terwyl logistieke uitdagings en onvoldoende ondersteuning deur die Departement van Landbou ook 'n negatiewe uitwerking op die invoer en uitvoer van lamsvleisprodukte gehad het.

Die verlies van die BADER-kontrak, as gevolg van die afname in die vraag na Suid-Afrikaanse leer in die Europese motorbedryf, het 'n enorme impak op die winsgewendheid van SA Dorper gehad.

Bestuur het doeltreffende planne en maatreëls geïmplementeer om hierdie uitdagings aan te spreek. Alternatiewe markte is ontsluit, en uitvoere van lamsvleis na die Midde-Ooste het deur die jaar voortdurend gegroei, wat winsmarges verbeter het, tot die oorlog in Iran uitgebreek het.

KLK het sy venootskap met Build it beëindig, aangesien margedruk gekombineer met franchisefooie, dit onmoontlik gemaak het om ons verlangde opbrengskoers te bereik. KLK sal steeds boumateriaal en verwante produkte voorsien, maar deur 'n geselekteerde aantal handelstakke.

In die meeste streke van die Noord-Kaap is die droogte gebreek, en in sommige gebiede het buitengewone reën geval. Dit is jare sedert die Kurumanrivier sy volle loop gevloei het, en in Mei vanjaar het dit die Molopo bereik - 'n verskynsel wat die meeste inwoners van die streek nog nooit beleef het nie, aangesien dit laas in 1974 gebeur het. Ons is dankbaar vir die reën en vertrou dat die hernude groei, wat die streek in die Groen Kalahari omskep, voorspoed vir ons boere en kliënte sal inhou.

Om deel van die landbousektor te wees beteken dat ons voortdurend uitdagings sal ervaar. Ek het egter die grootste vertroue in die Bestuur en personeel van KLK, wat steeds bo verwagtinge presteer deur uitstekende kliëntediens te lewer en waarde vir ons aandeelhouers te skep.

RESULTATE

Die genormaliseerde wins voor belasting het met 13% toegeneem tot R212.8 miljoen. Hierdie verbetering is die gevolg van beter prestasie in al die afdelings, met die uitsondering van SA Dorper.

Doeltreffende bestuur van buitelandse valuta risiko het die vleis divisie, SA Dorper en Carpe Diem Raisins se risiko aan wisselvallige valuta skommelinge effektief verskans. As gevolg van die verlies van die BADER kontrak het die Groep 'n waardedalingsvoorsiening gemaak op van die infrastruktuur wat in die huide-afdeling gebruik word. Die netto batewaarde per aandeel het met 16.3% gestyg van R48.88 tot R56.85.

KORPORATIEWE BESTUUR

Die Raad bly daartoe verbind om 'n verantwoordelike korporatiewe burger te wees en handhaaf steeds die hoogste standaarde van bestuur deur verantwoordelike en deursigte bestuur.

Alle komitees was gedurende die jaar aktief en het hul verpligtinge en verantwoordelikhede nagekom. Ek wil graag al die komiteelede bedank vir hul waardevolle insette gedurende die jaar. Die Oudit-en-Risikokomitee staan onder die nuwe voorsitterskap van Gert Olivier.

DIVIDEND

Die Groep is steeds op 'n uitbreidingspad, met 'n transaksie wat tans in die pyplyn is. Aandeelhouers sal op gepaste tyd ingelig word sodra die onderhandelinge afgehandel is.
Gedurende die afgelope twee jaar en ook in die komende jaar, herbelê die maatskappy aansienlik in sy verouderde infrastruktuur, wat 'n aansienlike kapitaalbesteding vereis.

Die Raad het dus aanbeveel dat geen dividend verklaar word nie.

DIE PAD VORENTOE

Die Groep het oor die afgelope twee jaar uitstekende resultate behaal, hoofsaaklik danksy die goeie bydrae van die rosyne-afdeling. Daar word egter verwag dat hierdie buitengewone prestasie sal normaliseer. Turkye voorspel 'n normale oes, wat waarskynlik 'n daling in internasionale rosynepryse sal veroorsaak. Tesame met 'n sterker Rand kan die Rand-gebaseerde uitvoerprys met tot 30% afneem.
Landbou is van nature siklies, en KLK se gediversifiseerde bedryfsmodel help om die negatiewe gevolge van 'n sektor se afwaartse siklus te normaliseer.
Bestuur, onder die bekwame leiding van Charl du Plessis, gaan voort om hierdie risiko's effektief te bestuur om die volhoubaarheid van KLK te verseker en waarde aan ons kliënte, aandeelhouers en personeel te lewer.

BEDANKINGS

KLK is Kobus Marais besonder dank verskuldig vir sy bydrae oor die afgelope 33 jaar. Hy het toesig gehou oor die maatskappy se transformasie tot die onderneming wat dit vandag is. Die Raad en aandeelhouers spreek hul opregte waardering uit vir sy beduidende bydrae.

Kobus Marais, Francois Strydom en Wayne Edwards het gedurende die jaar uit die Raad getree. Ons bedank hulle opreg vir hul diens en bydrae gedurende hul termyne as raadslede.

KLK en die Raad spreek hul opregte dank uit teenoor al ons verskaffers, kliënte en aandeelhouers vir hul volgehoue en lojale ondersteuning.



AJ de Haast
VOORSITTER



BESTURENDE DIREKTEURSVERSLAG

'N TERUGBLIK OP 2025

Die afgelope twaalf maande was oor die algemeen gunstig vir Suid-Afrikaanse landbou, wat dui op 'n duidelike herstel van die droogte in die Noord-Kaap en hittegolf toestande van die vorige jaar. Die voorkoms van bestendige La Niña-reën sedert laat in 2025 het grondvog aangevul en weiveld regoor die land, maar veral in die Noord-Kaap en Karoo, laat herleef. Suid-Afrika se landbou-uitvoere het in 2025 sowat $15,1 miljard bereik, met ongeveer 42% wat bestem was vir die Afrika-kontinent en 'n vergelykbare aandeelverdeling tussen die EU en ander markte. Die verligting van kunsmis- en brandstof koste het die druk op produsentepryse versag, hoewel stygende geopolitieke spanning, Amerikaanse tarief onsekerheid en SACU-handelsbeleid beperkings, die belangrikste teenwinde bly wat 2026 betref.

Ten spyte van verskeie makro en mikro uitdagings, het die KLK Groep 'n goeie jaar beleef met meeste van ons bedryfsaktiwiteite wat 'n wesenlike bydrae tot die finansiële prestasie van die groep gemaak het. Die diverse profiel van die onderneming, bly steeds een van sy grootste bates en die afgelope jaar was weereens 'n toonbeeld van die waarde wat KLK se breë blootstelling aan verskeie landbou vertakkings, aan die onderskeie rolspelers in ons waardeketting bied.

OMVATTENDE INKOMSTESTAAT

Inkomste

Die **Groep** het 'n veerkragtige prestasie gelewer in 'n meer uitdagende handelsjaar. Inkomste het met 1.6% gedaal tot R3.22 miljard (2025: R3.28 miljard), wat gedempte handel toestande weerspieël in ooreenstemming met 'n sektor wat van die vorige droogte siklus in die Noord-Kaap herstel. Netto wins vir die jaar het met 8.4% gedaal tot R127.6 miljoen (2025: R139.3 miljoen).

Die afname in netto wins verbloem egter 'n belangrike punt vir ons aandeelhouers, wins van die eienaars van die moedermaatskappy het eintlik marginaal gestyg tot R136.5 miljoen (2025: R136.2 miljoen).

Die vermindering in groepswins is hoofsaaklik toe te skryf aan nie-beherende belange, wat geswaai het van 'n wins van R3.0 miljoen na 'n verlies van R9.7 miljoen, wat beteken dat die swakker resultate hoofsaaklik toeskryfbaar is aan die minderheid besit bedrywighede van KLK, terwyl waarde toeskryfbaar aan KLK se eie aandeelhouers behoue gebly het.

FINANSIËLE OORSIG

Vervolgens dan 'n uitvoerende oorsig van die KLK Landbou Beperk se gekonsolideerde resultate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026, met 2025 as die vergelykende periode.

FINANSIËLE HOOFTREKKE

		2026	2025	(%)
Inkomste (intergroep omset uitgesluit)	(R'm)	3224.3	3276.3	(1.6)
Wins voor belasting	(R'm)	184.7	188.8	(2.2)
Bedryfswinsmarge	(%)	5.6	5.8	(3.4)
Verdienste	(R'm)	136.5	136.2	0.2
Basiese verdienste per aandeel	(sente)	795.1	795.3	0.2
Wesensverdienste per aandeel	(sente)	874.9	764.8	14.4
Kapitaalspandering	(R'm)	57.3	82.2	(30.3)
Opbrengs op aandeelhouersbelang	(%)	14.0	16.3	(14.1)
Netto toename/(afname) in bank en kontant	(R'm)	105.6	23.5	349.4
Effektiewe belastingkoers	(%)	30.9	26.2	17.9
Netto batewaarde per aandeel	(sente)	5685.5	4 888.7	16.3
Ekwiteitsverhouding	(%)	76.4	72.5	5.4

Die handel afdeling se omset is 3.1% laer as 2025, wat hoofsaaklik toeskryfbaar is aan laer verkope van veevoere as gevolg goeie reën in die Noord-Kaap. SA Dorper se inkomste was 19% laer in vergelyking met die vorige jaar as gevolg laer verkoop pryse vir Dorper leer en 'n 37.4% verlaging in die volume huide wat prosesseer is weens die BADER kontrak wat gekanselleer is. Die brandstof afdeling se omset het met R4m verhoog as gevolg van 3.7m liter meer brandstof wat verkoop is ondanks 'n 7% verlaging in prys. Die hoër volume kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n verandering in verbruikersgedrag weens laer brandstof pryse. Die laer omset van rosyntjies is weens verkoops volume van 13 305 ton, wat 5 196 ton laer is as in 2025.

Verdienste gehalte en drywers

Die drukpunt vanjaar was winsmarges, veroorsaak deur 'n daling in rosyntjie verkope as gevolg van 'n styging in VSA invoer tariewe.

Bruto wins het met 8.4% gedaal tot R517.1 miljoen, terwyl die bruto winsmarge van 17.2% tot 16.0% gekrimp het, met die koste van verkope wat grootliks onveranderd was teenoor laer inkomste. Bedryfswins het beter realiseer as bruto wins, en het slegs met 4.9% gedaal tot R179.9 miljoen, ondersteun deur drie gunstige items:

- 'n byna verdubbeling van ander winste tot R52.3 miljoen,
- 'n terugskrywing van verwagte krediet verliese van R13.8 miljoen (teenoor 'n klein koste in die vorige jaar, wat dui op verbeterde debiteure gehalte),
- en hoër ander bedryfsinkomste van R35.6 miljoen.

Streng beheer van bedryfsuitgawes (onveranderd gehou op R410.8 miljoen), het ook gehelp. Die waardedaling van R28.1 miljoen by SA Dorper lei tot 'n hoër effektiewe belastingkoers van 30.9% (2025: 26.2%), aangesien die waardedaling nie vir belasting doeleindes erken word nie. Die winsgrens verlaag, ten spyte van 'n welkome vermindering van 42% in finansieringskoste tot R5.1 miljoen.

BESTURENDE DIREKTEURSVERSLAG

VERVOLG

Die wesensverdienste per aandeel het vanaf 764.8 sent per aandeel tot 874.9 sent per aandeel toegeneem. Die wins voor belasting het vanaf R188.8 miljoen tot R184.7 miljoen afgeneem.

FINANSIËLE POSISIE

'n Sterk Balansstaat

Die finansiële posisie van die groep het wesenlik versterk tydens die afgelope finansiële jaar. Totale ekwiteit het met 14.0% gegroei tot R1.04 miljard, met behoue verdienste wat die volle bedrag van toeskryfbare wins verhoog het. Daar was dus geen dividenduitkering en alle winste is herbelê in die onderneming. Solvensie is sterk, met ekwiteit wat nou 76.4% van die totale bates finansier (2025: 72.5%). Likiditeit het ook wesenlik verbeter met die huidige verhouding wat gestyg het tot 3.4 keer van 2.7 in 2025. Die Groep het van 'n beskeie netto skuld posisie na 'n netto kontantposisie beweeg, met kontant van R105.6 miljoen teenoor totale rentedraende lenings en huurkontrakte van ongeveer R44 miljoen. Dit is 'n konserwatief gerat, goed gekapitaliseerde balansstaat.

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite was positief met R4.8 miljoen nadat netto bedryfskapitaal met R114.3 miljoen toegeneem het en belasting van R61.7 miljoen betaal is.

Die een duidelike area van kommer is kontant omskakeling. Kontant gegenereer uit bedrywighede het met 73% gedaal tot R75.2 miljoen (2025: R281.9 miljoen), en netto kontant uit bedryfsaktiwiteite het verlaag tot R4.8 miljoen nadat netto bedryfskapitaal met R114.3 miljoen toegeneem het.

Die dryfveer is bedryfskapitaal, met voorraad wat met 31.5% (R123 miljoen) gestyg tot R513.6 miljoen en handelsdebiteure met 17.7%, wat die kontant wat bedrywighede gegenereer het, geabsorbeer het. Die toename van R82.1 miljoen in die kontantsaldo is dus nie deur handel befonds nie, maar deur die oproep van 'n intermaatskappy kontantbelegging van R127.6 miljoen, tesame met verminderde kapitaaluitgawes (R64.2 miljoen teenoor R82.2 miljoen).

Die vermindering in kapitaaluitgawes is 'n funksie van begrote kapitaal wat as gevolg van lei tye, oorgedra is na die nuwe finansiële jaar. Die styging in voorraadwaarde kan hoofsaaklik toegeskryf word aan meer uitdagende markomstandighede in die rosynebedryf, as gevolg van swakker kwaliteit produk en laer verkope. Alhoewel daar nie doelbewuste voorraad posisionering was nie, is 'n styging in oordrag voorraad 'n algemene gevolg van 'n swakker vraag na rosyne.

Aanleg en Toerusting van R43.7 miljoen is aangekoop. Die opbrengs met die verkoop van bates en eiendom van R2.3 miljoen is ontvang.

SEGMENTRESULTATE

Die finansiële resultaat van die afgelope jaar kan as 'n kredietwaardige prestasie beskryf word, wat aandeelhouer waarde beskerm het in 'n jaar met beperkte marge. Dit is verder ondersteun deur 'n merkbaar sterker en meer likiede balansstaat. Die belangrikste toekomstige prioriteit is die normalisering van bedryfskapitaal en die herstel van bedryfskontantgenerering. Die verlaging in die rosyntjie oordrag voorraad sal 'n groot rol speel om dit te vermag.

Segmentinkomste	**2026** R'm	**2025** R'm
Handelsafdeling	985	1 016
Vleisafdeling	700	555
Brandstofafdeling	759	755
Verwerkingsafdeling	780	950
Totale Inkomste	3 224	3 276

Segmentwins voor belasting	**2026** R'm	**2025** R'm
Handelsafdeling	16.8	26.0
Vleisafdeling	5.2	4.4
Brandstofafdeling	57.3	49.6
Verwerkingsafdeling	104.8	129.2
Wins voor belasting	**184.1**	**209.2**
Korporatief	0.6	(20.4)
Wins voor belasting	**184.7**	**188.8**

DIVISIONELE OORSIG

Handelsafdeling

Die bepalende kenmerk van die landbou kleinhandel-handelsomgewing tydens die afgelope jaar, was insetkoste-inflasie, wat reële groei en verbruikers bekostigbaarheid onderdruk het.

Die verlaging van kunsmis- en brandstof pryse gedurende 2025, het 'n mate van verligting aan die koste kant gebring, maar landbou kleinhandel is steeds gekenmerk deur 'n sake omgewing waar 'n groei in inkomste, eerder inflasie as volume gedrewe was. Diversifikasie van inkomstebronne het 'n belangrike rol gespeel deur doelbewus die blootstelling te versprei oor landbou-, brandstof- en gerief kleinhandel om die afhanklikheid van klimaat en enige enkele landbou siklus te verminder, met veral brandstof verkope wat meer veerkragtig is teen die impak van lae veevoer volumes.

Ten spyte van inflasiedruk, kon die Agri-kleinhandelsafdeling daarin slaag om dieselfde bedryswins te realiseer as in die vorige finansiële jaar. Met veevoer verkope wat met bykans 40% gedaal het, is dit 'n goeie prestasie onder die omstandighede.


Dit is hoofsaaklik te danke aan 'n sterker fokus op hoër marge-kategorieë en 'n breër reeks verbruikers segmente. Die inkomste van kleinhandel was 3.1% laer as die vorige jaar en verteenwoordig 30.5% van die groepsinkomste. Die Handelsafdeling dra 9.1% (2025: 12.4%) by tot die Groep se wins voor belasting.

BESTURENDE DIREKTEURSVERSLAG
VERVOLG

Brandstof afdeling

Beide die Groothandel- en Kleinhandel brandstof afdelings van KLK het die afgelope jaar werklike groei in volumes behaal, wat hoofsaaklik gedryf is deur die voltooiing van opgraderings aan twee vulstasies en die suksesvolle implementering van 'n kliënte lojaliteit program in samewerking met sommige van die skole in die Noord-Kaap. Die groei in kleinhandel volumes kan ook gedeeltelik toegeskryf word aan die suksesvolle ontwikkeling van die KLK Express geriefs-winkels wat bykomende verkeer stimuleer het. Die vertikale integrasie in langafstand-brandstof vervoer het ook 'n waardevolle bydrae gelewer tot die groei in winsgewendheid van die groothandel brandstof divisie. Die grafiek hieronder bied 'n goeie oorsig van die groei in liters tydens die afgelope jaar, wat veral diesel verkope betref, terwyl petrol staties was en paraffien effens gedaal het.

Figuur 1



Die verkoopsvolume van petrol en diesel, vir KLK se Rybane en Groothandel, het onderskeidelik met 10.1% en 3.6% gestyg, terwyl petrol- en diesel pryse 7.8% en 6.4% laer was, vergeleke met die vorige jaar. Die inkomste van die Brandstof afdeling verteenwoordig 23.5% (2025: 23%) van die groepsinkomste en dra 38.7% (2025: 23.7%) by tot die Groep se bedryfswins voor belasting. Die styging in die bedryfwins kontribusie van brandstof kan grootliks toegeskryf word aan addisionele kontribusie van langafstand brandstof vervoer.

Verwerkingsafdeling

Die inkomste van die afdeling verteenwoordig 24.2% (2025: 29%) van die groepsinkomste en het 56.8% (2025: 61.8%) bygedra tot die KLK Groep se wins voor belasting.

Rosyne

Die rosyntjie bedryf bied nog 'n blink handel storie, wat sy meerjarige uitbreiding as een van die land se stilweg suksesvolle uitvoer sektore, voortsit. Nadat produksie 100 000 metrieke ton in die 2024/25 bemarking jaar oorskry het, is die produksie voorspelling vir 2025/26 met 14% tot 86 500 metrieke ton verlaag, met Raisins SA wat die daling toeskryf aan donsskimmel en haelskade, gekonsentreer in die Noord-Kaap (verantwoordelik is vir ten minste 88% van die nasionale produksie). Van kritieke belang is dat vraag en uitvoer momentum relatief konstant gebly het, uitvoere het effens gestyg tot 77 991 metrieke ton, met Duitsland steeds die prioriteit bestemming en die Verenigde Koninkryk wat die meeste groei getoon het. Suid-Afrika is nou die wêreld se sesde grootste produsent van rosyne en die grootste in die suidelike halfrond, met 773 produsente oor meer as 'n duisend plase. Strukturele ondersteuning, deur belastingvrye toegang tot die EU en VK, wêreldwye premiumisering en 'n gesonde leefstyl peuselhappie-vraag, skep goeie vooruitsigte vir die Suid-Afrikaanse bedryf. Die sektor bly egter steeds blootgestel aan klimaat risiko's en logistieke beperkings wat sal bepaal of dit die hoë waarde-groei van die afgelope twee seisoene sal kan handhaaf.

As gevolg van ernstige rypskade aan die rosyne wingerde in die belangrikste Turkse groei gebied Manisa, was die vooruitsigte vir die 2025 Suid-Afrikaanse oes uiters positief, met rekordpryse wat aangebied is vir Suid-Afrikaanse grondstowwe as gevolg van 'n sterk internasionale vraag na rosyne. Ongelukkig het die implementering van hoër invoerbelasting (van 0 tot 30%) vir landbouprodukte uit Suid-Afrika wat na die Verenigde State van Amerika se mark uitgevoer is, gelei tot 'n algehele ineenstorting in die vraag na rosyne van Noord-Amerikaanse invoerders. Dit het die Suid-Afrikaanse Rosynebedryf met 15% van die oes gelaat wat skielik 'n ander mark moes vind. Saam met verbruikers weerstand teen hoër pryse in Europa, het hierdie ongekontrakteerde volume 'n sterk ontwrigtende impak op die prysstruktuur van die rosyne mark gehad. Die mark kon nie die bykomende volume op so 'n kort kennisgewing absorbeer nie, en dit het gelei tot 'n opbou van oordrag voorraadvlakke na die 2026 seisoen. Die vraag na sommige rosyne kultivars soos Flame Seedless is redelik belyn met die Amerikaanse mark en die gebrek aan vraag het daartoe gelei dat hierdie kultivars teen baie laer pryse verkoop is as wat aanvanklik verwag is. Die gevolg was 'n verdunning van bruto verkoop marges en 'n beduidende impak op winsgewendheid vir die jaar.

Die goeie somerreënval gedurende die laaste deel van die 2024/25 seisoen het droog toestande vir rosyne besonder uitdagend gemaak, wat die kwaliteit van meer as 50% van die 2025 oes beïnvloed het.

Die hoë voginhoud het gelei tot 'n stadiger verwerkings tempo wat die bedryfskoste verhoog het en die verkoop koers in die gedrang gebring het, aangesien kontrakte langer geneem het om af te lewer. As gevolg van hoë skimmel- en gis tellings, het die tempo van verwerpings van veral Europese kliënte ook toegeneem. Vanuit 'n kwaliteit perspektief was die 2025 oes besonder uitdagend en met bogemiddelde reënval gedurende die 2026 seisoen word verwag dat toestande vir die res van 2026 moeilik sal bly.

SA Dorper

Met die voorkeur gebruik van sintetiese materiale vir stoffering deur Chinese motorvervaardigers, het die vraag na motorleer 'n skerp afname beleef namate Chinese motor handelsmerke steeds markaandeel in die Suid-Afrikaanse mark (en Europa) wen. Gevolglik het BADER hul Suid-Afrikaanse bedrywighede afgeskaal, wat gelei het tot die kansellasie van SA Dorper se kontrak looi ooreenkoms met BADER. Histories het die ooreenkoms met BADER byna 50% van SA Dorper se jaarlikse omset uitgemaak en die kansellasie van die kontrak was 'n groot terugslag, waarvan die impak nie maklik is om te versag nie. Die finansiële resultate van SA Dorper sluit 'n waardedaling in om die verwagte verlies aan inkomste te weerspieël namate die vel besigheid oorskakel van kontraklooi na 'n transaksionele besigheidsmodel wat soortgelyk is aan die Dorpervel besigheidsmodel.

Die vraag na Dorpervelle was goed gedurende die afgelope finansiële jaar, hoewel gradering 'n uitdaging was as gevolg van 'n hoë vlak van grassaad defekte. Die gevolg is dat die meeste van die verwerkte velle in laer marksegmente verkoop is, wat nie dieselfde opbrengste as Europese luukse handelsmerke bied nie. Soos ons die winterseisoen betree, word verwag dat gradering sal verbeter met minder saad skade aan die velle en verhoogde verkoopsvolume aan die luukse handelsmerke, wat die winsgewendheid van die vel afdeling behoort te verbeter.

BESTURENDE DIREKTEURSVERSLAG


VERVOLG

Die netto verlies voor belasting van R16.6m van die SA Dorper Groep is R26.8m (163%) swakker as die R10.2m wins in 2025 behaal. Omset van velle is R5.6m (10.2%) laer as in 2025 weens laer gemiddelde verkoopsprys van R102.13 (2025: R164.57), ondanks die 146.6k (44%) meer velle wat in 2026 verkoop is. Die laer verkoopsprys kan toegeskryf word aan die feit dat meer lae kwaliteit velle verkoop is in die verkopemengsel as gevolg van die beperkte beskikbaarheid van hoë kwaliteit velle. Die netto verlies van die SA Dorper Groep sluit 'n waardedaling in wat die impak van die kansellasie van die BADER kontrakverwkering verdiskonteer.

Vleisafdeling

Die lam- en skaapvleis bedryf het die afgelope jaar 'n meer konstruktiewe handelsbeeld as beesvleis gebied, selfs terwyl die breër vee sektor met siekte- en aanbod skokke geworstel het. Waar wêreldwye skaapvleis pryse in 2023 ineengestort het op die rug van kudde-likwidasie in Australië en Nieu-Seeland, het toestande deur 2024 en 2025 verander namate die wêreldwye aanbod gedaal het en pryse herstel het. Plaaslik is die mark struktureel knap: A-graad karkas pryse het herstel tot ongeveer R80-90/kg, 'n toename van 14,5% oor 'n vier maande-venster, met laer slaggetalle in 2025 en vroeg in 2026 wat op 'n matiging dui van die droogte-geïnduseerde hoogtepunte van 2024 en die afwaartse prysrisiko beperk het. Van kardinale belang vir alle rolspelers is dat die uitvoer kanaal een van ware momentum is. Suid-Afrika is sedert 2020 'n netto uitvoerder van skaapvleis, met die surplus wat tot byna 8 000 ton in 2024 groei en die uitvoer aandeel van produksie wat van 2,3% in 2023 tot 7,6% in 2024 styg het en na verwagting 13% teen 2034 sal bereik. Volgehoue vraag uit die Midde-Ooste, veral vir karkas- en halwe karkas uitvoere, het gehelp om pryse te stabiliseer en wisselvalligheid te demp, hoewel veediefstal, droogte en roofdiere, produsente steeds afskrik om kuddes uit te brei ten spyte van die aantreklike pryse wat aangebied word as gevolg van verbeterde weidings toestande.

Figuur 2



Figuur 2 gee 'n oorsig van maandelikse kapasiteit benutting by Upington Abattoir met April, Mei en Junie wat besonder uitdagend was as gevolg van administratiewe vertragings by die Departement Veeartseny Dienste, wat die uitreik van invoer permitte en akkreditasie van aanlegte betref. Die resultaat was 'n drastiese vermindering in rou materiaal beskikbaarheid uit Namibië wat deurset vir hierdie drie maande verminder het.

Die vleisafdeling het sy trajek van verbeterde finansiële prestasie voortgesit, hoewel ietwat meer gedemp as gevolg van 'n afname in slagvolumes namate boere beter weidings toestande benut het om hul kuddes te laat groei. Handelmarges het verbeter danksy 'n aansienlike groei in uitvoer volumes na die Midde-Ooste en verbeterde kapasiteit benutting van Carnavon Abattoir. Die Vleisafdeling se inkomste het met 26.1% toegeneem en verteenwoordig 21.7% (2025: 16.9%) van die groepsinkomste. Upington Abattoir het 12.4% minder lam-en skaapgetalle bemark, terwyl Carnarvon Abattoir 2.9% meer bemark het.

Omsette by Upington Abattoir is R36.7m (11.9%) hoër as in 2025 as gevolg van 25% hoër skaapkarkaspryse, ondanks 24.8k (12.4%) minder skaap wat geslag is. Daar was 'n styging van 15% in skaap-afvalpryse en 'n 12.7% styging in beesafvalpryse. Skaapvelpryse en beeshuidepryse het onderskeidelik 53% en 7% gedaal teenoor die vorige jaar.
Omsette vir Carnarvon Abattoir is R54m (22%) hoër as in 2025 as gevolg van hoër slaggetalle 4.3k (2.9%). Skaapkarkas verkooppryse styg met 22.7%, wolvelpryse met 1.6% en afvalpryse met 16.4% terwyl daar 'n daling was in dorpervelpryse (55%) teenoor die vorige finansiële jaar.
Die voerkraal realiseer 'n bedryfsverlies van R1k teenoor 'n wins van R50k in 2025. Omsette by voerkraal is 68.1% (R23.7m) hoër as in 2025 as gevolg van R21.5m (89.4%) hoër eie skaap verkoop en R361k (3.4%) laer voer verkope. Die aantal eie diere en gevoerde diere het gesamentlik vermeerder met 26.3%.

Die beter kapasiteit benutting as gevolg van 'n verhoging slaggetalle het die vermoë van die vleis divisie om sy vaste koste te dek, verbeter. Met die uitvoere en kleinhandelverkope, kon die Vleisafdeling 'n wins voor belasting van R5.2 miljoen realiseer teenoor 'n wins van R4.4m in 2025. Gegewe die skerp daling in velpryse, is die resultaat 'n besonder goeie prestasie.

VOORUITSIGTE

Die geopolitieke spanning in die Midde-Ooste en die sluiting van die Straat van Hormuz vir maritieme verkeer het 'n ontwrigtende uitwerking op die oliemark gehad. Gevolglik was daar 'n skerp styging in brandstof pryse en ernstige beperkings op olie raffinerings kapasiteit het die aanbod van veral diesel volumes op die wêreldmarkte ontwrig. As gevolg van die skerp styging in pryse, was verbruikers vraag baie meer wisselvallig met 'n styging in verkoopsvolume gedurende die maande van Maart en April 2026 en 'n sterk afname wat tans in Mei en Junie 2026 ervaar word. Gevolglik het die kleinhandel brandstof afdeling 'n sterk finansiële prestasie in Maart en April 2026 getoon, maar daar word verwag dat beide groot- en kleinhandel swakker resultate in Mei en Junie sal behaal. Aangesien 24% van die wêreld se olie voorraad uit die Midde-Ooste kom, het oliepryse robuus gebly namate die groot ekonomieë strategiese reserwes vrygestel het om die ontwrigting in olie voorrade teen te werk. As die oorlog in Iran egter nie binnekort in 'n vredesooreenkoms eindig nie, kan oliepryse meer wisselvalligheid ervaar, tesame met verdere stygings. Om hierdie uitdagings op kleinhandel- en groothandel verspreidingsvlak te navigeer, sal veral uitdagend wees namate die ekonomie probeer om die werklikheid van hoër brandstof koste en veral diesel te verwerk.

Dierevoer verkope, wat die ruggraat van die Agri-kleinhandel-afdeling is, was steeds baie swak as gevolg van die goeie reënval in die Noord-Kaapse opvangsgebied en voldoende natuurlike weiding. Met 'n uitsonderlike somerreënval seisoen word verwag dat toestande uitdagend sal bly wat voerverkope betref, maar die verlies aan omset is geneutraliseer deur 'n groei in markaandeel in die besproeiings boerdery segmente van die Laer Oranjerivier-skema. Gedissiplineerde voorraadbestuur, kostebeheer en diversifikasie bly noodsaaklik terwyl die vraag na veevoer gedemp bly en die kontantvloei van boere van die vorige droogte herstel.

Sedert die begin van die oorlog in Iran was daar met ongereelde tussenposes, ontwrigtings in lugvrag dienste, wat uitvoerverkope in die kort tot medium termyn in die gedrang bring.

BESTURENDE DIREKTEURSVERSLAG

VERVOLG

Die oorstromings in die Wes-Kaap en Karoo het ook 'n negatiewe impak op slag volumes in Carnarvon gehad, maar die situasie behoort binne die volgende paar weke te normaliseer. Op die medium tot langer termyn word verwag dat handel toestande sal verbeter met verdere groei in uitvoer volumes en slaggetalle. Die goeie somerreënval in die Noord-Kaap het ideale vee teel toestande gebied en die finansiële lewensvatbaarheid van die bedryf verbeter.

'n Groei van 35% in rosyne verwerkings kapasiteit vir Suid-Afrika het die afgelope jaar gekenmerk met die opening van twee nuwe fabrieke en die uitbreiding van 'n bestaande fasiliteit. Dit het die vlak van mededinging vir grondstowwe verhoog namate rosyne verwerkers daarna streef om 'n lewensvatbare vlak van deurset in hul fabrieke te bereik.

Met handel toestande wat meer pessimisties vir rosyne word as gevolg van 'n verwagte groei van 77% in die Turkse oes, het die wedywering tussen Suid-Afrikaanse uitvoerders en ander rosyntjie produserende lande stelselmatig verhoog. Dit het gely tot afwaartse druk op pryse en handel marges. 'n Sterker Rand en 'n 13% toename in logistieke en vragkoste as gevolg van hoër oliepryse en sekuriteitsrisiko-bybetalings het 'n negatiewe impak op die bedryfsmarges. Handel toestande sal na verwagting uitdagend bly as gevolg van 'n toename in die internasionale oordrag voorraad en kleiner Suid-Afrikaanse oes in 2027, hoofsaaklik as gevolg van donsskimmel skade aan die wingerde.

TEN SLOTTE

Die finansiële prestasie van die KLK Landbou Groep kan inderdaad as kredietwaardig beskryf word, gegewe die uitdagende bedryfsklimaat wat die ontwrigting in handelsbetrekkinge met van ons belangrikste in- en uitvoer bestemmings betref. Dit het 'n beduidende negatiewe invloed op die vleis en rosyntjie divisies gehad, maar danksy robuuste bestuur intervensie, kon meeste van risiko redelik effektief mitigeer word. Wat 2026 betref, gaan die rosyntjie bedryf heelwat meer druk ervaar as gevolg van klimatologiese uitdagings, 'n verlaging in vraag en toenemende wedywering vir rou materiaal en rak spasie. Vir Suid- Afrikaanse landbou gaan die volgende twee jaar oor die algemeen uitdagend wees as gevolg van 'n strukturele wanbalans tussen vraag en aanbod en abnormale weerpatrone. Die gesonde balansstaat van KLK plaas die onderneming in 'n sterk posisie om hierdie uitdagings te oorbrug en die moontlike geleenthede wat moeiliker omstandigheid dikwels bied, te benut.

Dankie aan alle KLK produsente, diensverskaffers en getroue sakevennote vir u ondersteuning tydens die afgelope jaar.



C DU PLESSIS
BESTURENDE DIREKTEUR
KLK GROEP



SOSIALE EN ETIESE KOMITEEVERSLAG

Die Sosiale en Etiese Komitee bestaan uit twee nie-uitvoerende direkteure, die Besturende Direkteur, die Menslikehulpbronbestuurder en die Maatskappysekretaris en word jaarliks deur die Direksie aangewys en vergader twee keer per jaar.

ROL, VERANTWOORDELIKHEDE EN SLEUTELFUNKSIES

Die komitee se rol, verantwoordelikhede en funksies word voorgeskryf deur die Maatskappywet 71 van 2008 en is verder uiteengesit in 'n formele handves wat op 6 Maart 2026 hersien en goedgekeur is.

Die komitee vervul 'n oorsigrol en is verantwoordelik vir die monitering, advisering en verslagdoening aan die Direksie en aandeelhouers oor KLK se handelinge, praktyke en prestasie ten opsigte van:

- sosiale en ekonomiese ontwikkeling en investering;
- etiek, gedragskode en voldoening aan relevante wetlike vereistes;
- goeie korporatiewe burgerskap;
- die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid;
- verhoudinge met alle belanghebbendes;
- arbeidsverhoudinge en werksomstandighede;
- en gelyke geleenthede en indiensnemingspraktyke.

Die komitee het die prestasie en handeling as verantwoordelike, korporatiewe en sosiale rolspeler oorweeg met verwysing na die Groep se bedrywighede, spesifieke wetgewing, wetlike vereistes, gedragskode en beste praktyke, soos wat die mandaat bepaal. Meer gedetailleerde inligting aangaande die korporatiewe sosiale projekte en beleggings word in die Volhoubaarsheidsverslag op bladsy 17 uiteengesit.

Die Voorsitter van die komitee sal tydens die Algemene Jaarvergadering vrae beantwoord en die verslag mondelings toelig, waar nodig.

MENING

Die komitee is van mening dat die Groep se nakoming van sosiale en etiese vereistes voldoen aan alle wetgewing, sowel as dit wat van 'n verantwoordelike korporatiewe burger verwag word.



A de Haast
VOORSITTER:
SOSIALE EN ETIESE KOMITEE



KORPORATIEWE BESTUURSVERSLAG

KLK onderskryf en handhaaf die hoogste standaarde van korporatiewe bestuur in handelinge met alle belangegroepe. Dit beteken dat die Raad deursigtig en aanspreeklik is teenoor almal wat deur die besigheid geraak word.

Die Raad onderskryf die waardes van en aanvaar, sover prakties moontlik, die omvattende benadering tot goeie korporatiewe bestuur. Die direkteure erken dat goeie korporatiewe bestuur werklik gemeet word aan leierskap en dat die behoefte bestaan om die besigheid met integriteit en die voldoening aan die beste praktyke te bedryf. Die Direksie en individuele direkteure oorweeg deurgaans alle wetgewing en kodes om te verseker dat daar sover prakties moontlik voldoen word aan goeie korporatiewe bestuur.

Waar daar afgewyk word van spesifieke voorskrifte, het die Direksie hom daarvan vergewis dat die afwyking regverdigbaar en in die beste belang van KLK is.

KLK se korporatiewe bestuursbeleid verseker dat die drie pilare van volhoubaarheid, naamlik ekonomiese, sosiale en omgewingspraktyke op 'n gestruktureerde wyse toegepas en geëvalueer word sodat die fundamentele beginsels van redelikheid, aanspreeklikheid, verantwoordelikheid en deursigtigheid sigbaar sal wees. KLK is daartoe verbind om op die mees gepaste wyse verslag te doen aangaande aangeleenthede wat alle belangegroepe raak.

Die **Raad van Direkteure** is saamgestel uit sewe nie-uitvoerende en twee uitvoerende direkteure, en is oorhoofs verantwoordelik vir die strategie en prestasie van die Groep. Die prosedure met die verkiesing en aanstelling van direksielede is formeel en deursigtig. In terme van die Statute van die Maatskappy is die dienstermyn van nie-uitvoerende direkteure drie jaar, waarna hulle moet uittree by wyse van rotasie. Uittredende direkteure kan herkies word. In nakoming van sy verantwoordelikheid vergader die Direksie vyf keer per jaar en maak ook gebruik van komitees om hom te adviseer oor oudit-, risiko-, sosiale en etiese, vergoedings- en beleidsaangeleenthede.

Die Voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur wat jaarliks deur die Direksie aangewys word. Die rol van Voorsitter en Besturende Direkteur is verdeel, en 'n duidelike onderskeid van pligte en verantwoordelikhede bestaan wel. Die Raad dui die rigting aan onder voorsitterskap van mnr. Andrew de Haast.

Die Raad het volle en effektiewe beheer oor KLK en evalueer die Uitvoerende Bestuur se implementering van aksieplanne en strategieë. Die Raad bepaal goedkeuringsmagte en reserveer spesifieke magte in homself en delegeer ander bevoegdhede met die nodige skriftelike magtiging aan Bestuur. Die Raad het 'n omvattende beheer- en kontrole-omgewing daargestel wat verseker dat risiko's beperk en KLK se doelwitte nagestreef word. Hierdie beheeromgewing skep die kultuur vir KLK en behels etiese waardes, die bestuursfilosofie en bevoegdheid van werknemers.

KLK het 'n formele beleid wat deur die Raad vasgestel is en deur die Maatskappysekretaris toegepas word rakende die verhandeling van aandele deur Bestuur, direkteure en sy werknemers gedurende vasgestelde periodes, voor die aankondiging van die finansiële resultate of in enige ander periode wat as sensitief beskou word.

Die nie-uitvoerende direkteure se vergoeding bestaan uit 'n vaste vergoeding vir dienste as direkteur, wat maandeliks prorata betaal word, 'n addisionele vaste vergaderingsfooi vir pligte met betrekking tot komitees en vergoeding vir reis- en ander koste. Uitvoerende direkteure se vergoeding bestaan uit werknemersvergoeding en hulle ontvang geen spesifieke vergoeding vir dienste as direkteur nie. Besonderhede van direkteure se vergoeding vir die afgelope jaar verskyn in die finansiële jaarstate. Besonderhede van die direksielede se bywoning van raads- en komiteevergaderings word op bl. 14 uiteengesit.

Die Raad en sy komitees word voorsien van relevante, tydige en volledige inligting wat hulle bemagtig om hul verantwoordelikhede uit te voer. Die komitees funksioneer aan die hand van duidelik omskrewe mandate wat hul pligte, bevoegdhede en verantwoordelikhede uiteensit.

Die **Oudit-en-Risikokomitee** bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure van die Groep. Die komitee vergader op 'n gereelde basis met die interne-en eksterne ouditeure, ook sonder die teenwoordigheid van Bestuur. Die Voorsitter van die Direksie, die Besturende Direkteur en die Finansiële Direkteur woon vergaderings op uitnodiging by. In samewerking met senior lede van Bestuur hersien die Oudit-en-Risikokomitee die Groep se risikoprofiel by vier vergaderings per jaar, is verantwoordelik vir die totale proses van risikobestuur en bepaal die risikostrategie wat gebaseer word op die behoefte om risiko's te identifiseer, evalueer en bestuur.

Die **Menslikehulpbronkomitee** bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure, die Menslikehulpbronbestuurder en die Besturende Direkteur, en word jaarliks deur die Direksie aangewys. Die komitee vergader ten minste twee keer per jaar en is verantwoordelik vir die evaluering en goedkeuring van die vergoedingsbeleid van KLK. Die vergoedingsfilosofie het ten doel om die nodige kundigheid te werf sodat besigheidsdoelwitte bereik kan word. Dit bepaal ook markverwante vergoeding wat gebaseer word op persoonlike en maatskappyprestasie. Die Besturende Direkteur en Menslikehulpbronbestuurder woon die vergaderings by, maar word uitgesluit tydens die evaluering van hul vergoeding.

Die **Voorsitterskomitee** bestaan uit die Voorsitter en Vise-voorsitter van die Direksie asook die Besturende Direkteur.

Die Voorsitterskomitee vergader oor aangeleenthede waarvan die dringendheid nie kan oorstaan tot die volgende direksievergadering nie en verwys wesenlike besluite na die Raad vir goedkeuring.

Die **Interne Ouditafdeling** is die onafhanklike evalueringsfunksie wat die besigheidsrisiko's, interne finansiële kontroles en operasionele stelsels ondersoek en verslag doen insake nie-voldoening en wesenlike tekortkominge.

Die bevindinge van die Interne Ouditafdeling word aan die Ouditkomitee, Bestuur en eksterne ouditeure gerapporteer vir aksie en oplossing. Die doel, magte en verantwoordelikheid van die interne ouditfunksie is formeel geïdentifiseer in die ouditHandves wat deur die Raad goedgekeur is. Die interne ouditplan, soos goedgekeur deur die Ouditkomitee, word gebaseer op risiko-evaluering en aangeleenthede wat deur die Ouditkomitee en Bestuur uitgelig word.

KORPORATIEWE BESTUURSVERSLAG

VERVOLG

Die **Maatskappysekretaris** van die Groep vervul 'n noodsaaklike funksie in die korporatiewe bestuursproses en ondersteun die Direksie met die uitvoering van hul pligte en verantwoordelikhede, in ooreenstemming met toepaslike wette en regulasies.

Die Direksie het onbeperkte toegang tot die dienste van die Maatskappysekretaris terwyl die Maatskappysekretaris onbeperkte toegang het tot die Voorsitter van die Direksie.

Die **Sosiale en Etiese Komitee** staan die Direksie by deur te moniteer en verslag te doen oor die Maatskappy se handelinge en prestasie, as goeie en verantwoordelike korporatiewe burger, ten opsigte van sosiale, omgewings-, etiese en transformasiepraktyke.

Die komitee bestaan uit twee nie-uitvoerende direkteure, die Besturende Direkteur, die Menslikehulpbronbestuurder en die Maatskappysekretaris en word jaarliks deur die Direksie aangewys.

Die komitee het 'n formele handves en verwysings-raamwerk aangeneem wat die rol, funksies en verantwoordelikhede, soos omskryf deur die Maatskappywet 71 van 2008, insluit.

Die lopendesaakbeginsel is toegepas met die opstel van die finansiële jaarstate, in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS). Die Direksie het hierdie finansiële jaarstate asook die finansieringskapasiteit, begrotingsplan, kontantvloei, kapitaalstruktuur en winsgewendheid vir die komende finansiële jaar oorweeg, ten einde sy mening te vorm oor die Groep se vermoë om as lopende saak voort te bestaan.


Die Raad se mening word op bl.20 uiteengesit in die Verklaring van Direkteursverantwoordelikheid en goedkeuring.

BYWONING VAN RAADS- EN KOMITEEVERGADERINGS

Lid	Raad	Voorsitters-komitee	Oudit-en-Risikokomitee	Menslike-hulpbronne komitee	Sosiale en Etiese Komitee
AJ de Haast	5		2*		
D Bester	5			2	1
C du Plessis	5			2	1
JPT Koen	5				
GC Olivier	5		4		
AR Kotzé	5		4	2	
VJ Klein	5		4	2	
JDM Minnaar	5				
JS Marais (afgetree Julie 2025)	2				1
F Strydom (afgetree Julie 2025)	2				

In alle gevalle van afwesigheid is vooraf verskoning gemaak.

* **Uitgetree, dien as voorsitter van die KLK Raad.**



KORPORATIEWE BESTUURSVERSLAG

VERVOLG

AANDEELSTATISTIEK

Aandeelhouers met 'n 5%-belang of meer soos op verslagdoeningsdatum

Senwes Beperk	58.80%
Yabeng Investment Holding Company (Pty) Ltd	34.27%

Verhandeling en Aandeelprysstatistiek

Gemiddelde verhandelingsprys - vir die maand Maart 2025	Geen verhandeling
Gemiddelde verhandelingsprys - vir die maand Februarie 2026	R37.03
Geweegde gemiddelde verhandelingsprys - vir die jaar 2026	R35.34
Totale waarde verhandel - 2026	R1 881 148.00
Aantal aandele verhandel - 2026	53 235
Persentasie van uitgereikte aandele verhandel - 2026	0.31%
Netto batewaarde per aandeel	R56.85

AANDEELHOUERSPROFIEL

Portefeuljegrootte	Aantal Aandeelhouers	% van Aantal Aandeelhouers	Aantal Aandele	% van Uitgereikte Aandele
1 tot 499	149	23.87821%	17 620	0.10%
500 tot 999	155	24.83974%	112 045	0.65%
1000 tot 1999	152	24.35897%	212 151	1.24%
2000 tot 4 999	119	19.07051%	366 040	2.14%
Meer as 5 000	49	7.85256%	16 419 702	95.87%
	624	**100%**	**17 127 558**	**100%**



VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

KORPORATIEWE BESTUURSBELEID

KLK as Groep besef die belangrikheid van die rol as verantwoordelike korporatiewe burger en dat volhoubaarheid nie net gemeet word aan finansiële prestasie nie.

Volhoubaarheid behels ook die versekering dat die drie pilare, naamlik ekonomiese, sosiale en omgewingspraktyke op 'n gestruktureerde wyse toegepas en geëvalueer word om op medium- en lang termyn voort te bestaan en sukses te behaal.

KLK bly verbind tot:

die hoogste standaarde van integriteit in alle handelinge en transaksies met belangegroepe en die gemeenskap in geheel;
die doen van besigheid volgens billike kommersiële en kompeterende praktyke;
handel met klante en diensverskaffers wat etiese besigheidspraktyke ondersteun;
nie-diskriminerende indiensnemingspraktyke en die bevordering en ontwikkeling van werknemers om sodoende hulle volle potensiaal te bereik deur opleiding en ontwikkeling van hul vaardighede;
en proaktiewe optrede ten opsigte van omgewings- en sosiale aangeleenthede.

WERKNEMERSTATISTIEK	2026	2025
Aantal werknemers	**1 142**	**1 144**
Werknemersvergoeding (R'm)	**143.5**	**136.8**
Inkomste per werknemer (R'000)	**2 823**	**2 815**
Bedryfswins per werknemer (R)	**157 564**	**162 501**

OMGEWING

KLK erken dat hy 'n wetlike en morele verantwoordelikheid het teenoor die omgewing, sy werknemers, sy kliënte en die gemeenskap.

Die Groep het ten doel om die beste omgewingspraktyke toe te pas en alle wetlike nakomingsvereistes word streng nagekom.

VERGOEDINGSFILOSOFIE

Die doel van vergoeding is om die nodige kundigheid te werf, te behou, te motiveer en te vergoed ten einde die Groep se besigheidsdoelwitte te kan bereik.

Die vergoedingsbeleid tref onderskeid tussen 'n markverwante, gewaarborgde vergoeding en 'n korttermyn-prestasievergoeding. Die vergoedingsbeleid vorm 'n integrale deel van die menslike-hulpbronplan wat insluit prestasiebestuur, opvolgbeplanning asook opleiding en ontwikkeling.

INDIENSNEMING, OPLEIDING EN ONTWIKKELING

KLK streef daarna om, in ooreenstemming met die Wet op Gelyke Indiensneming, aan alle werknemers die geleentheid te bied om hul volle potensiaal te verwesenlik. Daar bestaan geen diskriminasie in die werkplek, beleidstoepassing of diensvoorwaardes nie, en alle werknemers het gelyke toegang tot alle voordele of skemas wat aangebied word.

Die Bestuur en personeel van KLK is deurlopend betrokke by die bepaling van opleidings- en ontwikkelings behoeftes, asook die implementering en monitering van 'n gelykegeleentheidsplan.

Die wetlike voorgeskrewe arbeidsplan word jaarliks by die Departement van Arbeid ingedien en die doelwitte daarin gestel, word deurlopend geëvalueer en bestuur.

BEROEPSGESONDHEID EN -VEILIGHEID

KLK beskik oor 'n Veiligheidskomitee wat elke tweede maand vergader en gereeld aan die Oudit-en-Risikokomitee verslag doen insake voldoening aan die Wet op Beroepsgesondheid en –veiligheid. Die skep van 'n veilige werksomgewing vir alle werknemers en belanghebbendes bly vir KLK 'n prioriteit.

As 'n verskaffer in die vleisvoorsieningsketting, voldoen KLK se Abattoirs aan die strengste standaarde van voedselveiligheid en word die Abattoirs voortdurend gemonitor deur interne en eksterne partye.

GESLAG- EN-RASSESAMESTELLING

	MANLIK				VROULIK				BUITELANDSE BURGER	TOTAAL
	S	K	I	B	S	K	I	B		
Topbestuur	0	0	0	3	0	0	0	0	0	3
Senior Bestuur	0	2	0	16	0	0	0	2	0	20
Middelbestuur en spesialiste	0	1	0	36	1	6	0	16	0	60
Junior Bestuur en toesighouers	17	32	0	10	6	31	0	40	0	136
Semi-geskoolde werknemers	27	82	0	13	11	55	0	7	0	195
Ongeskoolde werknemers	180	218	0	1	14	116	0	0	2	531
Tydelike werknemers	37	94	0	5	3	55	0	3	0	197
TOTAAL	**261**	**429**	**0**	**84**	**35**	**263**	**0**	**68**	**2**	**1142**

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

VERVOLG

KORPORATIEWE SOSIALE BELEGGING

Korporatiewe sosiale betrokkenheid is 'n filosofie wat KLK nastreef deur die ondersteuning wat KLK aan verskeie liefdadigheidsorganisasies bied.
KLK ondersteun organisasies in dieselfde geografiese area waarin KLK sy bedryfsaktiwiteite bedryf. Opheffing en opvoeding vorm die kern van KLK se sosiale verantwoordelikheidsprogram. KLK het gedurende die afgelope jaar verskeie nasionale en provinsiale organisasies asook plaaslike boereverenigings geborg.

Wiskunde Lenteskool

KLK is al reeds vir meer as nege jaar betrokke by die Wiskunde Lenteskool. Hierdie is een van KLK se langstaande projekte wat jaarliks by Hoërskool Duineveld aangebied word, KLK het R308 250.00 tot die projek bygedra in 2025. Die lenteskool was vanaf 6 tot 8 Oktober 2025 aangebied en was deur Wiskunde onderwysers van oor die ZFM-distrik bygewoon. Die Lenteskool was deur graad 12 leerders vanuit die KLK bedieningsgebied bygewoon. KLK wil hierop voortbou in samewerking met die Departement van Onderwys om Wiskunde as vak van keuse te promoveer, veral wanneer leerders vakkeuses maak vir graad 10.

Fisiese Wetenskap Projek

Die Fisiese Wetenskap Projek is daarop gefokus om ondersteuning aan leerders te bied tussen grade 10 tot 12. Hierdie word gedoen in samewerking met Hoërskool Upington. Dit was aangebied tussen 18 en 19 Julie 2025. Daar is om en by 250 leerders in Graad 12 in die ZFM-streek wat Fisiese Wetenskap as 'n vak geneem het in 2025. Daar is 100 leerders uitgenooi en 80 leerders het die slypskool bygewoon. KLK het R188 260.00 bewillig ter ondersteuning van hierdie projek.

E-afvalprojek

Hierdie projek is al reeds in Oktober 2016 aktief, waar daar by alle rybane sowel as handelstakke groen "wheelie bins" beskikbaar is vir die publiek om E-afval te deponeer vir herwinning. Daar is ook 'n groter selfhelp E-afval houer by KLK Hoofkantoor te Karakoelstraat 14, Upington.
Handelsmerk borde is ook tydens Julie 2024 hernu om meer sigbaar te wees vir die publiek. Hierdie projek het sedertdien 33.47 ton e-afval herwin.

Noord-Kaap Jeugleiers Konferensie

KLK is by hierdie inisiatief betrokke in samewerking met die Academy For Environmental Leadership (AEL). Die bywoning getalle van leier leerders groei elke jaar bestendig. In Desember 2025 het daar leerders van 15 skole van oor die hele Noord-Kaap bygewoon. Hierdie sluit onder andere skole in soos Alexanderbaai, Port Nolloth en Loeriesfontein. KLK is die hoofborg en het R127 221.00 bygedra tot die projek en die ontwikkeling van jong leiers.

KLK Talentpyplyn

Die KLK Talentpyplyn is in 2022 gevestig met 'n aanvangsgroep van 25 studente, bestaande uit gegradueerdes en interns. Deur hierdie talentpyplyn bied KLK 'n gestruktureerde 12-maande blootstellingsgerigte ontwikkelingsprogram (Maart tot Februarie) aan jong gegradueerdes. Die doel van die program is om hul toegang tot die arbeidsmark te fasiliteer, terwyl dit terselfdertyd bydra tot die ontwikkeling van 'n volhoubare interne vaardigheidspoel om KLK se toekomstige besigheidsbehoeftes te ondersteun.
KLK het tans verdere ondersteuning ontvang deur middel van AgriSETA-befondsing, wat die volgende insluit:

Ons het in 2025 die volgende geleenthede geskep:
• 14 Internskappe wat regoor die organisasie geplaas was waarvan 8 die program voltooi het.
• 18 gegradueerdes wat regoor die organisasie geplaas was waarvan 12 die program voltooi het.

Vir die jaar van 2026 lyk ons befondsing as volg:
• 27 internskappe wat regoor die organisasie geplaas sal word
• 4 gegradueerde ontwikkelingsgeleenthede
• 'n Beurs ter waarde van R70 800 vir 'n student wat tans finansiële studies volg.

Hierdie befondsing versterk KLK se verbintenis tot vaardigheidsontwikkeling en die bou van 'n volhoubare talentpoel vir die toekoms.
Uit die 2025-program is reeds vyf (5) kandidate geïdentifiseer aan wie werksaanbiedinge gemaak is om bestaande vakante poste binne die organisasie te vul.

Matrikulante Projek

KLK het aan die einde van 2025 'n inisiatief ontwikkel om matriekleerders wat nog nie planne het om verder te studeer of onseker is oor hul loopbaanrigting, waardevolle blootstelling te bied aan die besigheidswêreld.

Uit 'n totaal van 125 aansoeke is tien leerders suksesvol gekies na 'n deeglike keuringsproses en werksonderhoude. Hierdie tien leerders kom uit verskeie skole, waaronder Hoërskool Upington, Hoërskool AJ Ferreira, Hoërskool Saul Damon, Hoërskool Duineveld, Hoërskool Oranjezicht, Hoërskool Martin Oosthuizen en Hoërskool Kalahari. Die gekose leerlinge is geplaas by verskillende entiteite binne die KLK-groep, insluitend Upington Handel, Upington Abattoir, Kakamas Handel, Carpe Diem Raisins en Kuruman Handel.
Hierdie projek word deur KLK finansier en beloop ±R800 000.



OUDIT-EN-RISIKO KOMITEEVERSLAG

Die Oudit-en-Risikokomitee van KLK Landbou Beperk en sy filiale lewer, ingevolge artikel 94 (7) van die Maatskappywet 71 van 2008, verslag vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2026.

LEDE VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE

Die komitee is saamgestel uit die volgende drie nie-uitvoerende direkteure van die Groep, waarvan almal onafhanklik is:

Mnr. GC Olivier (Voorsitter)
Mnr. AR Kotzé (onafhanklik)
Me. VJ Klein (onafhanklik)

Die samestelling, bevoegdhede, pligte en verantwoordelikhede van die Oudit-en-Risikokomitee is volledig in 'n formele handves uiteengesit. Die Oudit-en-Risikokomitee evalueer jaarliks die toepaslikheid van sy handves, sowel as sy eie effektiwiteit en kundigheid en doen daaroor verslag aan die Direksie.

OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE-VERGADERINGS

Daar was vier vergaderings gedurende die jaar onder oorsig gehou.

Die Oudit-en-Risikokomitee funksioneer en verrig ook die pligte van die Risikokomitee, ondersteun deur terugvoering van die Maatskappy se Veiligheidskomitee en Bestuur.

Die Oudit-en-Risikokomitee vergader met die interne en eksterne ouditeure, ook sonder die teenwoordigheid van Bestuur. Daarbenewens hou die komitee toesig oor die samewerking tussen die interne en eksterne ouditeure en dien as skakel tussen die Raad van Direkteure en hierdie funksies.

Die onafhanklike eksterne ouditeure, sowel as die interne ouditeur het onbeperkte toegang tot die Oudit-en-Risikokomitee en die Voorsitter van die Oudit-en-Risikokomitee.

VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE OUDIT-EN- RISIKOKOMITEE

Die bevoegdhede, pligte en verantwoordelikhede van die Oudit-en-Risikokomitee is deur die Direksie aan die komitee gedelegeer en volledig uiteengesit in 'n formele handves. Die komitee dien ook as Oudit-en-Risikokomitee van die filiale van KLK Landbou Beperk.

Die komitee is verantwoordelik vir die bespreking en evaluering van:

- die effektiwiteit van die interne en finansiële beheerstelsels en dat alle wesenlike finansiële risiko's geïdentifiseer is en bestuur word;
- die effektiwiteit van die interne ouditeure se ouditplan, ouditverslae en aanbevelings;
- die bevoegdheid van interne oudit en die toereikendheid van interne ouditpersoneel;
- die onafhanklikheid van beide die interne en eksterne ouditeure; die beleid en goedkeuring rakende die voorsiening van nie-ouditdienste deur die eksterne ouditeure;
- die eksterne ouditeure se ouditplan, verslae en aanbevelings, aanstellingsvoorwaardes en vergoeding; die Groep se nakoming van korporatiewe bestuur en beheer, risikobestuur en statutêre vereistes;
- die aanbeveling aan die aandeelhouers vir goedkeuring, vir die aanstelling van die eksterne ouditeure, sowel as die goedkeuring van eksterne ouditeure se vergoeding;
- die afsonderlike en gekonsolideerde finansiële jaarstate, voordat die finansiële jaarstate deur die Direksie vir uitreiking gemagtig word; en
- die goedkeuring van geïntegreerde risiko bestuursplan en filosofie en die aanbieding van die top 10 risiko's vir die KLK Groep;
- die oorsig oor die Inligtingstegnologiebeleid, prosedures en sekerheid in die groep en;
- die kapasiteit en kundigheid van die finansiëleafdeling en hoof-finansiële beampte.

INTERNE OUDIT EN FINANSIËLE KONTROLES

Die interne ouditfunksie behels die onafhanklike evaluering en verslagdoening rakende die interne finansiële kontroles en operasionele stelsels en fasiliteer die jaarlikse risikobeoordeling van die Maatskappy.



OUDIT-EN-RISIKO KOMITEEVERSLAG

VERVOLG

Die interne ouditplan asook die interne ouditHandves, soos goedgekeur deur die Oudit-en-Risikokomitee, vervul ‘n belangrike rol om aan die Oudit-en-Risikokomitee gerusstelling te gee dat voldoende beheermaatreëls in plek is en voldoende funksioneer ten einde ‘n mening oor sleutelfunksies en verantwoordelikhede te kan vorm.

Die Oudit-en-Risikokomitee is tevrede dat die interne ouditafdeling onafhanklik funksioneer en dat die afdeling oor voldoende kundigheid en kapasiteit beskik om die funksie suksesvol uit te voer.

Gebaseer op die formeel gedokumenteerde interne finansiële beheerstelsels wat gebruik is deur die interne ouditfunksie gedurende die 2026 finansiële jaar, en na inagneming van inligting en verduidelikings verskaf deur Bestuur, sowel as besprekings met die eksterne ouditeure met betrekking tot die resultate van hul oudit, is die Oudit-en-Risikokomitee van mening dat die Groep se interne finansiële beheerstelsels effektief is.

EKSTERNE OUDITEURE

Die KLK Direksie het op 29 Julie 2024 op ‘n Direksie vergadering vir PricewaterhouseCoopers aanbeveel om die groep oudit te hanteer. Die besluit is deur die aandeelhouers bekragtig en PwC het die aanstelling aanvaar met Mnr. Louis Rossouw as die ouditvennoot.

Die Oudit-en-Risikokomitee is tevrede, na evaluering en ondersoek, dat interne korporatiewe beheerstrukture binne PwC die eksterne ouditeure se onafhanklikheid vertoon en ondersteun soos vereis deur die Maatskappywet 71 van 2008 en IRBA.

Die Oudit-en-Risikokomitee het in konsultasie met die Uitvoerende Bestuur ooreengestem oor die terme van die verbintenis, ouditplan en begrote fooie vir die 2026 finansiële jaar.

Die ouditfooi vir die eksterne oudit is oorweeg en goedgekeur met inagneming van faktore soos die tydsbestek, aard en omvang van die oudit soos vereis.

Alle nie-ouditdienste voorsien deur PwC asook die toepaslike fooie is vooraf oorweeg en goedgekeur om te verseker dat die onafhanklikheid van die eksterne ouditeure gehandhaaf word.

Die komitee beveel aan dat die aandeelhouers die aanstelling van PwC as die onafhanklike eksterne ouditeure en Mnr. L Rossouw as die aangewese ouditvennoot vir die 2027 finansiële jaar, goedkeur.

NAKOMING EN VOLDOENING

Die Oudit-en-Risikokomitee is tevrede dat die Groep voldoen aan die wette en regulasies van toepassing en goeie korporatiewe bestuur handhaaf.

Die Groep beskik oor ‘n funksionele fluitjieblaser beleid en prosedure wat voortdurend gemonitor word.

LOPENDESAAKBEGINSEL

Die finansiële jaarstate is op die grondslag van die lopendesaakbeginsel opgestel. Die Oudit-en-Risikokomitee het die gedokumenteerde verslag wat deur Bestuur saamgestel is, bespreek en beoordeel en het alle rede om te glo dat die Maatskappy oor voldoende middele beskik om sy bedrywighede vir die afsienbare toekoms voort te sit.

AANBEVELING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE VIR GOEDKEURING DEUR DIE DIREKSIE

Die Oudit-en-Risikokomitee het die 2026 finansiële jaarstate geëvalueer en is tevrede dat dit voldoen aan die Internasionale Rapporteringstandaarde (IFRS) in alle wesenlike aspekte.

Die finansiële jaarstate is op 23 Junie 2026 na die Direksie aanbeveel vir goedkeuring.

Die komitee is tevrede dat die pligte en verantwoordelikhede van die KLK Oudit-en-Risikokomitee, soos vervat in die handves, bevredigend afgehandel is. Die komitee wil ook die Bestuur van KLK bedank vir die tydigheid en volledigheid van die verslae waarop die komitee moet staatmaak.

Namens die Oudit-en-Risikokomitee,



GC Olivier
VOORSITTER:
OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE





VERKLARING DEUR MAATSKAPPYSEKRETARIS

Na my mening, as Maatskappysekretaris, bevestig ek ingevolge die Maatskappywet 71 van 2008 (soos gewysig) dat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026, die Maatskappy alle opgawes soos van 'n publieke maatskappy vereis, by die Registrateur van Maatskappye ingedien het en dat alle sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.





Grandville Marquard
MAATSKAPPY SEKRETARIS

VERKLARING VAN DIREKTEURS-VERANTWOORDELIKHEID

Die Maatskappywet 71 van 2008 vereis van direkteure om finansiële jaarstate vir elke finansiële jaar op te stel wat die stand van sake van die Maatskappy en die wins of verlies vir die periode redelik weergee.

In die voorbereiding van hierdie finansiële jaarstate word van die direkteure verwag om:

- toepaslike rekeningkundige beleid te bepaal en dit konsekwent toe te pas;
- gesonde oordeel te gebruik en ramings te maak wat redelik en omsigtig is;
- te meld of gestelde rekeningkundige standaarde gevolg is, behoudens enige wesenlike afwykings wat in die finansiële jaarstate geopenbaar en verduidelik word; en
- die finansiële jaarstate op die lopendesaakgrondslag op te stel, tensy dit nie toepaslik is om te veronderstel dat die Maatskappy sal voortgaan om sake te doen nie.

Die direkteure is verantwoordelik vir die handhawing van toereikende rekeningkundige verslae, sowel as die opstel en volledigheid van die finansiële jaarstate en verwante inligting. Die eksterne ouditeure is daarvoor verantwoordelik om onafhanklik verslag te doen oor die billike aanbieding van die finansiële jaarstate ten opsigte van Internasionale Ouditstandaarde. Die finansiële jaarstate is opgestel ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die Maatskappy se stelsel van interne finansiële beheer. Dit is ontwerp om redelike, maar nie absolute sekerheid, ten opsigte van die betroubaarheid van die finansiële jaarstate te bied en bates toereikend te beveilig, te kontroleer en verantwoordelikheid daarvoor te handhaaf, sowel as om foutiewe verklarings en verlies op te spoor en te verhoed.

Die direkteure is nie bewus van enige aspek wat 'n aanduiding kon wees dat enige wesenlike gebrek ten opsigte van die funksionering van dié beheermaatreëls, prosedures en stelsels gedurende die oorsigjaar plaasgevind het nie.

Die Groep finansiële jaarstate is op die lopende-saakgrondslag opgestel aangesien die direkteure alle rede het om te glo dat die Maatskappy oor voldoende middele beskik om sy bedrywighede vir die afsienbare toekoms voort te sit.

Die Groep finansiële jaarstate is geouditeer deur die onafhanklike ouditeure, PwC. Die onafhanklike ouditeure het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords insluitende alle notules van vergaderings van die Direksie, Bestuur, direksiekomitees en aandeelhouers.
Die direkteure is van mening dat die voorlegging en bestuursverklarings wat aan die ouditeure gerig was, korrek, geldig en toepaslik was.

Geen gebeurtenis het tussen die einde van die finansiële jaar en die datum van hierdie verslag plaasgevind wat die vertolking van hierdie verslag wesenlik beïnvloed nie.

Die ongekwalifiseerde verslag van die onafhanklike ouditeure is op 6 Julie 2026 deur die direkteure goedgekeur en die volgende direkteure is gemagtig om die jaarstate namens die Direksie te onderteken.

AJ de Haast
VOORSITTER



D Bester
VISE-VOORSITTER



DIREKTEURSVERSLAG

Die direkteure bied hul jaarverslag, wat deel vorm van die Maatskappy en die Groep se finansiële resultate, vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026 aan.

AARD VAN BESIGHEID

KLK is 'n landbougroep wat landbou- en landbouverwante produkte, dienste en benodighede aan hoofsaaklik die landbousektor in die Noord-Kaap verskaf.

Die onderskeie bedryfsaktiwiteite word volledig in hierdie finansiële jaarstate uiteengesit.

Geen wesenlike verandering in die aard van besigheid van die Groep het gedurende die jaar plaasgevind nie.

AANDELEKAPITAAL

Daar was geen verandering in die gemagtigde aandelekapitaal van die Maatskappy gedurende die jaar onder oorsig nie.

Die gemagtigde aandelekapitaal van die Maatskappy bestaan uit 30 000 000 gewone aandele van R1.00 elk. Tans is 17 127 558 gewone aandele uitgereik.

Senwes Beperk het 'n beherende belang van 58.80% in die KLK Groep.

FINANSIËLE RESULTATE

Die verkorte Groep finansiële resultate, sonder aantekeninge, word vanaf bladsy 22 tot 24 uiteengesit. Die gekonsolideerde netto wins na belasting bedra R136 531 090 (2025: R136 225 122). Dit reflekteer 'n basiese verdienste per aandeel van 797.1 sent (2025: 795.3 sent).

DIVIDEND

Die Direksie het weer besluit om geen dividend aan te beveel nie omrede kontantreservering noodsaaklik is vir moontlike geleenthede in die landbou en om KLK se groei- en uitbreidingstrategie te ondersteun.

VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES

Op jaareinde is die transaksies tussen die Maatskappy en sy filiale, teen markwaarde aangepas vir afslag en kortings wat die wedersydse verhouding weerspieël, op R622 942 084 (2025: R650 194 217) bereken.

Die transaksies met direkteure het R1 852 723 (2025: R1 284 160) beloop.

BELANGE IN FILIALE

'n Uiteensetting van KLK Landbou Beperk se belange in filiale word skematies in hierdie verslag uiteengesit.

DIREKTEURE EN SEKRETARIS

Die name van die Maatskappy se Raad van Direkteure, Uitvoerende Bestuur en Maatskappysekretaris word op bladsy 6 aangedui.

Tydens die vorige Algemene Jaarvergadering is mnre. GC Olivier en JDM Minnaar tot die Direksie herkies vir 'n verdere driejaartermyn.

Mnre AR Kotzé, AJ de Haast en D Engelbrecht se ampstermyn verstryk ingevolge die Akte van Oprigting met die Algemene Jaarvergadering op 31 Julie 2026.

Die volgende nominasies vir verkiesing as direkteur tydens die komende Algemene Jaarvergadering is ontvang:

- Mnr AJ (Andrew) de Haast
- Mnr AR (Arend) Kotzé
- Mnr D (Derek) Engelbrecht
- Mnr M (Marius) Meyer

DIREKTEURE SE BELANGE

Op die datum van hierdie verslag besit die direkteure gesamentlik op direkte of indirekte voordelige wyse 9775 of 0.06% gewone aandele in die Maatskappy.

WESENLIKE GEBEURE EN TRANSAKSIES

Geen gebeurtenis het tussen die einde van die finansiële jaar en datum van hierdie verslag plaasgevind wat die vertolking van hierdie verslag wesenlik beïnvloed nie.

FINANSIËLE RESULTATE

Hieronder volg 'n ongeouditeerde uittreksel van die geouditeerde gekonsolideerde finansiele state van die maatskappy se finansiele posisie, state van omvattende inkomste, state van verandering in ekwiteit en state van kontantvloei.

Die ongekwalifiseerde geouditeerde finansiele state is deur PricewaterhouseCoopers (PwC) geoudit en is beskikbaar op aanvraag by die maatskappy se geregistreerde kantoor.



STATE VAN FINANSIËLE POSISIE

SOOS OP 28 FEBRUARIE 2026

Ongeouditeerde opsomming van geouditeerde finansiële state

	2026 R	2025 R
BATES		
Nie-bedryfsbates		
Eiendom, aanleg en toerusting	496 845 734	502 138 283
Reg van gebruiksbates	1 360 691	2 689 853
Beleggingseiendomme	1 108 308	1 108 308
Klandisiewaarde	30 525 018	32 001 831
Ontasbare bates	68 251	1
Uitgestelde belasting bate	3 175 369	3 596 840
	533 083 371	**541 535 116**
Bedryfsbates		
Voorraad	513 556 630	390 668 363
Lenings aan groepmaatskappye	-	127 625 439
Handels- en ander debiteure	206 045 299	175 089 864
Belasting aandele	3 452 064	799 528
Kontant en kontantekwivalente	105 580 189	23 487 327
	828 634 182	**717 670 521**
Totale Bates	**1 361 717 553**	**1 259 205 637**
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE		
Ekwiteit		
Aandelekapitaal	16 111 515	16 111 515
Verdeelbare reserwes	987 207 542	850 676 454
Ander reserwes	(29 452 671)	(29 452 671)
	973 866 386	837 335 298
Buiteaandeelhouersbelang	66 296 341	72 233 886
	1 040 162 727	**912 569 184**
Uitgestelde belasting las	35 173 664	38 327 799
Langtermynlenings	35 813 945	29 608 071
Huurverpligtinge: Reg op gebruiksbates	494 292	1 589 690
Uitgestelde staatsubsidie	4 733 997	7 180 049
	76 215 898	**76 705 609**
Bedryfslaste		
Voorsienings	1 438 828	-
Korttermyngedeelte van langtermynlenings	6 964 484	5 292 309
Korttermyngedeelte van huurverpligtinge	1 181 959	1 596 369
Korttermyngedeelte van uitgestelde staatsubsidie	2 257 894	2 257 894
Handels- en ander krediteure	232 883 324	259 021 750
Huidige belasting laste	612 169	1 762 522
Lening van groepmaatskappy	270	-
	245 338 928	**269 930 844**
Totale laste	**354 887 826**	**346 636 453**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**1 361 717 553**	**1 259 205 637**

STATE VAN OMVATTENDE INKOMSTE

SOOS OP 28 FEBRUARIE 2026

Ongeouditeerde opsomming van geouditeerde finansiële state

	2026 R	2025 R
Verkope	3 224 261 248	3 276 257 948
Koste van verkope	(2 707 164 943)	(2 711 508 148)
Bruto wins	**517 096 305**	**564 749 800**
Ander inkomste	35 593 194	22 954 690
(Voorsiening) Terugskrywing vir verwagte krediet verlies	13 848 499	(60 947)
Uitgawes	(410 795 404)	(411 781 201)
Waardedaling	(28 110 807)	-
Ander winste	52 306 239	13 289 311
Bedryfswins	**179 938 026**	**189 151 653**
Beleggingsinkomste	9 835 765	8 413 785
Finansieringskoste	(5 061 410)	(8 784 870)
Wins voor belasting	**184 712 381**	**188 780 568**
Inkomstebelasting	(57 118 837)	(49 525 944)
Wins na belasting	**127 593 544**	**139 254 624**
Ander omvattende inkomste	-	-
Totale omvattende inkomste	**127 593 544**	**139 254 624**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:		
Eienaars van die houermaatskappy	136 531 090	136 225 122
Buiteaandeelhouersbelang	(8 937 546)	3 029 502
	127 593 544	**139 254 624**

STATE VAN VERANDERING IN EKWITEIT

SOOS OP 28 FEBRUARIE 2026

Ongeouditeerde opsomming van geouditeerde finansiële state

	Aandele-kapitaal R	Ander Reserwes R	Verandering in eienaarskap R	Totaal R	Buite-aandeel-houers-belang R	Totale ekwiteit R
Saldo op 1 Maart 2024	**16 111 515**	**(29 452 671)**	**714 451 332**	**701 110 176**	**72 204 384**	**773 314 560**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	136 225 122	136 225 122	3 029 502	139 254 624
Saldo op 29 Februarie 2025	**16 111 515**	**(29 452 671)**	**850 676 454**	**834 335 298**	**75 233 886**	**912 569 184**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	136 531 090	136 531 090	(8 937 546)	127 593 544
Saldo op 28 Februarie 2026	**16 111 515**	**(29 452 671)**	**987 207 542**	**973 866 386**	**66 296 341**	**1 040 162 727**

STATE VAN KONTANTVLOEI

SOOS OP 28 FEBRUARIE 2026

Ongeouditeerde opsomming van geouditeerde finansiële state

	2026 R	2025 R
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant gegenereer deur bedrywighede	61 628 330	281 897 502
Beleggingsinkomste	9 830 774	8 413 785
Finansieringskoste	(4 941 431)	(8 784 870)
Belasting betaal	(61 708 546)	(35 218 703)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	**4 809 127**	**246 307 714**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	(43 725 202)	(82 219 356)
Verkryging van ontasbare bate	(70 000)	-
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	2 273 349	2 137 094
Lenings aan groep maatskappye	127 625 439	(127 625 439)
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	**86 103 586**	**(207 707 701)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Terugbetaling van langtermynlenings	(6 974 639)	(5 964 753)
Ontvangste van ander finansiële laste	(351 996)	-
Terugbetaling van ander finansiële laste	(1 493 217)	(1 870 061)
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	**(8 819 852)**	**(7 834 814)**
Totale toename in kontant en kontantekwivalente vir die jaar	**82 092 861**	**30 765 199**
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	23 487 328	(7 277 871)
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**105 580 189**	**23 487 327**
Kontant en kontantekwivalente	105 580 189	23 487 327
	105 580 189	**23 487 327**



KLK

KLK dink Anders sedert 1941

KLK LANDBOU BEPERK

Registrasienommer 1997/015589/06
("KLK Landbou" of "Die Maatskappy")
Posbus 86, Upington, 8800 / Karakoelstraat 14, Upington, 8801

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

Kennis word hiermee gegee dat die Jaarlikse Algemene Vergadering van aandeelhouers van KLK Landbou Beperk gehou sal word te Karakoelstraat 14, Upington op Vrydag 31 Julie 2026 om 10:00.

AGENDA

1. Opening en Verwelkoming
2. Konstituering
3. Goedkeuring van die Notule van die Jaarvergadering gehou op 22 Julie 2025
4. Voorsittersrede
5. Finansiële oorsig: 28 Februarie 2026
6. Om die volgende besluite met of sonder wysigings te bekragtig:

GEWONE BESLUITE

Om die volgende vyf gewone besluite te oorweeg en indien goedgekeur, met of sonder wysigings aan te neem:

PERSENTASIE STEUN VEREIS VIR GEWONE BESLUITE 1 TOT 5

(Vir gewone besluite om aangeneem te word, word die steun benodig van meer as 50% (vyftig persent) van die totale aantal stemme wat uitgebring mag word, deur die aandeelhouers teenwoordig of per volmag verteenwoordig by hierdie Algemene Jaarvergadering.)

6.1 GOEDKEURING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE VAN DIE MAATSKAPPY EN DIE GROEP

Gewone besluit nommer 1
Besluit om die finansiële jaarstate van die Maatskappy en die Groep vir die twaalf (12) maande geëindig 28 Februarie 2026 en die verslae van die direkteure, die ouditeur en die Oudit-en-Risikokomitee te oorweeg en te aanvaar. 'n Afskrif van die verkorte Jaarverslag van die Maatskappy en die Groep vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026 is hierby aangeheg en die volledige ongekwalifiseerde geouditeerde gekonsolideerde finansiële jaarstate is beskikbaar by KLK se geregistreerde kantoor.

Die rede en gevolg vir gewone besluit nommer 1 is dat artikel 30(3)(d) die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig, vereis dat die bogenoemde verslae en die geouditeerde finansiële jaarstate voorgelê moet word vir goedkeuring tydens die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy.

6.2 AANSTELLING VAN OUDITEURE

Gewone besluit nommer 2
Om PricewaterhouseCoopers Incorporated (PwC), soos voorgestel deur die Maatskappy se Oudit-en-Risikokomitee, as onafhanklike ouditeure van die Maatskappy her aan te stel om die amp te beklee tot na afloop van die volgende Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy. Louis Rossouw is die individuele en aangewese ouditeur wat die Maatskappy se oudit vir die finansiële jaar eindigend 28 Februarie 2027, sal uitvoer.

Die rede vir gewone besluit nommer 2 is dat die Maatskappy, synde 'n publieke maatskappy, se finansiële jaarstate jaarliks geoudit moet word en dat die ouditeure jaarliks aangestel moet word tydens die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy.

6.3 VERKIESING VAN DIREKTEURE

Gewone besluit nommer 3
Om direkteure te verkies en aan te stel ten einde die 3 vakatures te vul wat ontstaan het as gevolg van die rotasie van AR Kotzé en die aanstelling van AJ de Haast en D Engelbrecht wat by die AJV tot einde kom. Uittredende direkteure is herkiesbaar.

Die volgende kandidate is genomineer:
6.3.1 AJ (Andrew) de Haast
6.3.2 D (Derek) Engelbrecht
6.3.3 AR (Arend) Kotzé
6.3.4 M (Marius) Meyer

Die doel en rede vir gewone besluit nommer 3 is om bogenoemde kandidate te verkies ingevolge klousule 31 van die Maatskappy se Akte van Oprigting.

6.4 AANSTELLING VAN OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE

Gewone besluit nommer 4
Daar word besluit om die ondergemelde nie-uitvoerende direkteure van die Maatskappy as lede van die Maatskappy se Oudit-en-Risikokomitee te verkies tot na afloop van die volgende Algemene Jaarvergadering.

Die Direksie beveel die verkiesing van hierdie lede aan:
6.4.1 *VJ (Venete) Klein (onafhanklik)*
6.4.2 *AR Kotzé (Arend) (onafhanklik) (indien herverkies word as direkteur)*
6.4.3 *GC Olivier (Gert) (onafhanklik)*

Addisionele inligting met betrekking tot gewone besluit nommer 4:
Die direkteure genoem in gewone besluit nommer 4 het toepaslike akademiese kwalifikasies of ervaring in een of meer van die volgende gebiede: ekonomie, regte, korporatiewe bestuur, finansies, rekeningkunde, handel of nywerheid.

Die rede vir en die gevolg van gewone besluit nommer 4 is om die lede van die Oudit-en-Risikokomitee van die Maatskappy aan te stel soos vereis ingevolge artikel 94(2) van die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig.

6.5 ALGEMENE MAGTIGING OM AANDELE TOE TE KEN EN UIT TE REIK

Gewone besluit nommer 5
Daar word besluit om, as 'n algemene magtiging, maar onderhewig aan die bepalings van die Maatskappy se Akte van Oprigting en artikel 41(3) van die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig, die gemagtigde, maar onuitgereikte aandele, soos op die datum van hierdie besluit, hiermee onder die beheer van die Direksie van die Maatskappy te plaas, tot en met die datum van die volgende Algemene Jaarvergadering en om sodanige aandele uit te reik en toe te ken aan sodanige persone en op sodanige terme en voorwaardes as wat die Direksie in hul uitsluitlike diskresie mag goeddink.

Addisionele inligting met betrekking tot gewone besluit nommer 5:
Hierdie magtiging sal duur tot en met die volgende Algemene Jaarvergadering. Die magtiging word versoek ten einde die Direksie van die Maatskappy in staat te stel om uitvoering te gee aan die Maatskappy se strategie in terme van groei, uitreiking van aandele aan moontlike nuwe besigheidsvennote en/of bestaande aandeelhouers asook vir die verkryging van verdere kapitaal. Onuitgereikte aandele sal aan bestaande aandeelhouers aangebied word in verhouding tot die bestaande aandeelhouding.

Die rede vir gewone besluit nommer 5 is om die gemagtigde, maar onuitgereikte aandelekapitaal van die Maatskappy onder beheer van die Direksie te plaas. Ingevolge die bepalings van artikel 41(3) van die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig, is die magtiging beperk en mag dit nie 30% (dertig persent) of meer van die kapitaal alreeds uitgereik, oorskry nie.

SPESIALE BESLUITE

Om die volgende drie spesiale besluite te oorweeg en indien goedgekeur, met of sonder wysigings aan te neem:

PERSENTASIE STEUN VEREIS VIR SPESIALE BESLUIT 1 TOT 3

(Vir spesiale besluite om aangeneem te word, word die steun benodig van minstens 75% (vyf-en-sewentig persent) van die totale aantal stemme wat uitgebring mag word, deur die aandeelhouers teenwoordig of by volmag verteenwoordig by hierdie Algemene Jaarvergadering.)

6.6 GOEDKEURING VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURSVERGOEDING

Spesiale besluit nommer 1
Goedkeuring van die jaar- en vergaderfooie van die nie-uitvoerende direkteure vir die jaar vanaf 1 Julie 2026 tot 30 Junie 2027.

Besluit dat die vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure vir hulle dienste as direkteure, soos hieronder uiteengesit, vir die tydperk wat geld tot die volgende Algemene Jaarvergadering in 2027, goedgekeur word.

Fooi vir die jaar tot -	***30 Junie 2026***	***30 Junie 2027***
Jaarfooie	*(goedgekeur)*	*(voorgestel)*
Voorsitter van Direksie	R522 950	R546 485
Vise-voorsitter van Direksie	R313 025	R327 110
Nie-uitvoerende Direkteur	R222 035	R232 030
Bywoningsfooi (per vergadering bygewoon)		
Direksie		
Voorsitter	R5 945	R6 215
Lid	R4 240	R4 430
Oudit-en-Risikokomitee		
Voorsitter	R24 550	R25 655
Lid	R12 275	R12 830
Voorsitterskomitee, filiaaldireksies & ander staande komitees		
Voorsitter	R4 275	R4 470
Lid	R3 150	R3 290
Spesiale geleenthede		
Direkteur afgevaardig of versoek om die Maatskappy te verteenwoordig of namens die Maatskappy op te tree.	R3 150	R3 290

Nota: Bogenoemde fooie sluit nie BTW in nie.

Hierdie vergoedingstruktuur is deur die Menslikehulpbronkomitee aanbeveel en deur die Direksie bekragtig.

Die rede vir spesiale besluit nommer 1 is dat artikel 66.9 van die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig, vereis dat aandeelhouers die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure goedkeur.

6.7 ALGEMENE MAGTIGING OM FINANSIËLE BYSTAND TE VERLEEN AAN VERWANTE EN INTERVERWANTE MAATSKAPPYE EN FILIALE

Spesiale besluit nommer 2
Besluit dat, tot die mate vereis ingevolge en onderhewig aan die bepalings van artikel 44 en 45 van die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig, die aandeelhouers die Maatskappy hiermee magtig om te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die tydperk van twee jaar, wat 'n aanvang neem op die datum van hierdie spesiale besluit, enige direkte of indirekte finansiële bystand, soos bedoel in daardie artikel van die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig, te verleen aan enige een of meer verwante of interverwante maatskappye (soos omskryf in die Maatskappywet) van die Maatskappy en/of aan enige een of meer lede van sulke verwante of interverwante maatskappye of aan enige persone verwant aan enige sodanige maatskappy, op sodanige bepalings en voorwaardes as wat die Direksie, of enige een of meer persone deur die Direksie van tyd tot tyd daartoe gemagtig vir die doel, mag goeddink.

Die Raad van Direkteure word gemagtig om:

- *die Besturende Direkteur, die Finansiële Direkteur en die Maatskappysekretaris te magtig om die Maatskappy en die Raad van Direkteure te verteenwoordig deur die gesamentlike ondertekening van enige bankresolusies en bankwaarborgdokumente, en*

- *'n sertifikaat uit te reik in terme van KLK Landbou Beperk se Akte van Oprigting waarvolgens:*
  - *die sertifikaat uitgereik en onderteken word deur die Maatskappysekretaris, en*
  - *die sertifikaat onderhewig sal wees aan die vereistes van artikel 45 van die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig, en*
  - *die sertifikaat slegs uitgereik sal word indien:*
    - *direk voor die transaksie die redelike waarde van die bates van die Maatskappy die laste van die Maatskappy oorskry (solvensietoets), en*
    - *direk voor die transaksie die Maatskappy in staat sal wees om al sy verpligtinge na te kom, soos wat dit betaalbaar raak in die normale gang van besigheid, vir 'n periode van 12 maande na die datum waarop die toets gedoen is (likiditeitstoets), en*
    - *al die voorwaardes en vereistes, in terme van finansiële bystand, soos uiteengesit in die Maatskappy se Akte van Oprigting, nagekom is.*

- *die volgende handelinge namens die Maatskappy uit te voer, naamlik:*
  - *die opening of sluiting van 'n bankrekening,*
  - *die ondertekening van aansoekvorms, bankfasiliteite en oortrokke fasiliteite,*
  - *die aangaan van lenings, waarborge en sekuriteitsooreenkomste,*
  - *die sluit van bankdiens- en produkooreenkomste asook deposito-ooreenkomste, en*
  - *die aangaan van afbetalingsooreenkomste en internet-bankdiensooreenkomste*

- *die Sekretaris van die Maatskappy te magtig om die banke en finansiële instellings te voorsien van die name van maatskappywerknemers wat gemagtigde individue mag wees.*

Die rede en effek van spesiale besluit nommer 2 is om aan die Direksie die goedkeuring te verleen om die Maatskappy te magtig om direkte of indirekte finansiële bystand en waarborge, soos beoog in artikel 44 en 45 van die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig, te verleen aan enige een of meer verwante of interverwante maatskappye van die Maatskappy. In die omstandighede en ten einde, inter alia, te verseker dat die Maatskappy se filiale en ander verwante en interverwante maatskappye toegang het tot finansiering en/of finansiële bystand deur die Maatskappy (in teenstelling met slegs banke en ander derdeparty-finansierders), is dit nodig om hierdie magtiging vanaf aandeelhouers te verkry.

Aangeheg (Addendum) is 'n lys van lenings, transaksies, waarborge en ondersteuning aan verwante en interverwante maatskappye en filiale.

ADDENDUM

VERKLARING VAN BYSTAND VERLEEN AAN VERWANTE EN INTERVERWANTE MAATSKAPPYE EN FILIALE

Aandeelhouers word hiermee in kennis gestel dat, in ooreenstemming met artikel 45 van die Wet, die Maatskappy in terme van 'n spesiale besluit van aandeelhouers verleen by die Algemene Jaarvergadering op 22 Julie 2025, besluit het om finansiële bystand aan verwante of interverwante maatskappye van die Maatskappy toe te staan soos bedoel in artikel 45(5) van die Wet.

In terme van artikel 45(5) van die Wet, word aandeelhouers verder in kennis gestel dat die Direksie tevrede is, onderworpe aan die bepalings van die direksiebesluit en opvolgende magtiging, dat:

- onmiddellik na die verskaffing van finansiële bystand, die maatskappy sal voldoen aan die vereistes van die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in artikel 4 van die Wet; en
- die terme waaronder die voorgenome finansiële bystand verleen sal word, regverdig en redelik vir die maatskappy sal wees en aan al die toepaslike vereistes en beperkings ten opsigte van finansiële bystand, soos uiteengesit in die AVO, voldoen word ooreenkomstig artikel 45(4) van die Wet.

Die Maatskappy het die volgende bedrae as lenings of finansiële bystand aan sy filiaalmaatskappye en verwante partye verleen vir die periode **1 Maart 2025 tot 28 Februarie 2026:**

Aard van bystand	**Balans 1 Mrt. 2025**	**Toegestaan deur die jaar**	**Balans 28 Feb. 2026**
Lenings ten gunste van:	**R**	**R**	**R**
Carnarvon Abattoir (Edms.) Bpk.	7 983 072	2 769 357	1 805 011
Carpe Diem Raisins (Edms.) Bpk.	(74 226 142)	500 185 387	24 935 364
Gordonia Motors (Edms.) Bpk.	(1 178 554)	247 544 439	(12 089 797)
Jaagvlak Motors (Edms.) Bpk.	(4 364 701)	47 869 055	(1 920 100)
KLK Makelaars (Edms.) Bpk.	(197 002)	3 865 601	(250 659)
KLK Petroleum (Edms.) Bpk.	(36 392 754)	206 405 664	(5 400 730)
Majestic Silver Trading 60 (Edms.) Bpk.	2 449 313	3 406 788	2 695 022
UPT Meat (Edms.) Bpk.	(120 031)	130 805	(181 605)
Oranje Meganies (Edms.) Bpk.	(1 824 857)	155 544 632	(10 845 786)
Ramskop Abattoir (Edms.) Bpk.: Wentelkrediet	903 244	114 764	1 245 862
Upington Abattoir (Edms.) Bpk.	16 812 368	405 121 104	24 975 399
Senwes Bpk.	127 625 439	450 493 347	(268)
Totaal	**37 469 395**	**2 023 450 943**	**24 967 713**

Let wel: Geen terugbetalings vanaf die filiaalmaatskappy word in ag geneem nie. Lenings word aangedui voor enige billike waarde aanpassings.

Aard van bystand	**Balans 1 Mrt. 2025**	**Verhoog/(verlaag) in die jaar**	**Balans 28 Feb. 2026**
Waarborge ten gunste van:	**R**	**R**	**R**
ABSA vir KLK Landbou Bpk.	10 000 000	-	10 000 000
Engen Petroleum deur ABSA	200 000	-	200 000
Eskom	1 800	-	1 800
First Rand Bank t.o.v. Carpe Diem Raisins	80 000 000	55 000 000	135 000 000
First Rand Bank t.o.v. KLK Landbou	-	60 000 000	60 000 000
Suid-Afrikaanse Inkomstediens	20 000	-	20 000
Total SA deur ABSA	20 000	-	20 000
Masana Petroleum Solutions (Pty) Ltd	35 000 000	-	35 000 000
Totaal	**125 801 800**	**115 000 000**	**240 801 800**

Hierdie kennisgewing dui aan dat die Maatskappy van mening is dat daar voldoen is aan die kennisgewingsvereistes in terme van die Wet. Die Maatskappy beklemtoon dat die verlening van finansiële bystand tussen verwante en interverwante maatskappye standaardpraktyk is wat jaarliks konsekwent toegepas is deur KLK Landbou Beperk.

6.8 ALGEMENE MAGTIGING AAN DIE MAATSKAPPY OF 'N FILIAAL VAN DIE MAATSKAPPY OM DIE MAATSKAPPY SE AANDELE TE VERKRY

Spesiale besluit nommer 3
Besluit dat die aandeelhouers van die Maatskappy hiermee by wyse van 'n algemene magtiging, deur 'n enkele of 'n reeks transaksies, goedkeuring verleen vir:

(a) die koop van enige van sy aandele deur die Maatskappy of enige filiaal van die Maatskappy, hetsy deur 'n enkele transaksie of 'n reeks transaksies, en

(b) die koop van aandele deur die Maatskappy word beperk tot 2% (drie honderd vier en veertig duisend aandele) van die uitgereikte aandele en word in terme van die Maatskappywet gekanselleer, en

(c) die koop van aandele deur enige filiaal word beperk tot 10% (10 persent) gesamentlik deur 'n enkele of 'n reeks transaksies en sodanige aandele het nie stemreg nie, en

(d) die koop van en/of oordrag aan die Maatskappy van enige van sy aandele aangekoop deur enige van sy filiale ooreenkomstig (a) hierbo teen sodanige prys en op sodanige bepalings en voorwaardes en in sodanige hoeveelhede soos wat die Direksie van die Maatskappy of sy filiale van tyd tot tyd mag besluit, maar onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet, die Maatskappy se Akte van Oprigting en onderhewig aan sodanige ander voorwaardes soos deur enige ander toepaslike gesagsliggaam opgelê mag word, met dien verstande dat:

- *magtiging slegs tot en met die datum van die Maatskappy se volgende jaarvergadering geldig sal wees;*
- *die algemene magtiging om ooreenkomstig (a) en (b) hierbo aandele in die Maatskappy te koop in enige een finansiële jaar beperk word, soos gemeld in (b) hierbo van die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas op die datum wat die magtiging verleen word; en*
- *die algemene magtiging om ooreenkomstig (a) en (c) hierbo aandele in 'n filiaal te koop, soos gemeld in (c) hierbo, van die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas; en*
- *die Direksie van die Maatskappy besluit het om (i) die koop van aandele in die Maatskappy te magtig, (ii) dat die Maatskappy die solvensie-en-likiditeitstoets soos bedoel in die Maatskappywet geslaag het, en (iii) dat, sedert die solvensie-en-likiditeitstoets toegepas is, geen wesenlike verandering in die finansiële posisie van die Maatskappy en sy filiale plaasgevind het nie.*

Die rede vir en gevolg van die spesiale besluit nommer 3 is om algemene magtiging te verleen ingevolge die Akte en/of die Wet om die Direksie van die Maatskappy, of enige van die Maatskappy se filiale, in staat te stel om aandele te verkry wat deur die Maatskappy uitgereik is, insluitend die daaropvolgende koop of oordrag aan die Maatskappy van enige aandele aldus deur sy filiale verkry.

BELANGRIKE DATUMS

Rekorddatum: **Dinsdag 30 Junie 2026**

Die rekorddatum ingevolge artikel 59 van die Maatskappywet vir aandeelhouers om geregistreer te wees in die aandeleregister van die Maatskappy, ten einde kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering te ontvang.

Registerdatum: **Woensdag 29 Julie 2026**

Die datum waarop aandeelhouers in die register opgeneem moet wees om die vergadering te kan bywoon en daarop te stem.

GOEDKEURINGS VEREIS VIR BESLUITE

Die gewone besluite vervat in hierdie kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vereis die goedkeuring deur meer as 50% (vyftig persent) van die stemme uitgebring deur aandeelhouers wat teenwoordig is, of by volmag op die Algemene Jaarvergadering verteenwoordig is, onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig, en die Akte van die Maatskappy.

Die spesiale besluite vervat in hierdie kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering vereis die goedkeuring deur ten minste 75% (vyf-en-sewentig persent) van die stemme uitgebring deur aandeelhouers wat teenwoordig is, of by volmag op die Algemene Jaarvergadering verteenwoordig is, onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet 71 van 2008, soos gewysig, en die Akte van die Maatskappy.

BYWONING EN STEMMING DEUR AANDEELHOUERS EN GEVOLMAGTIGDES

Enige aandeelhouer is geregtig om ’n gevolmagtigde of gevolmagtigdes aan te stel om die Algemene Jaarvergadering namens hom by te woon, daarop te praat en te stem. Die persoon so aangestel hoef nie ’n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.

Behoorlik voltooide volmagvorms moet aan die Maatskappysekretaris gestuur word na Karakoelstraat 14, Posbus 86, Upington 8800, of per e-pos na *grandville@klk.co.za*, om ontvang te word minstens 24 uur (Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit) voor die tyd wat vir die vergadering bepaal is.

Enige persoon wat op die vergadering teenwoordig en geregtig is om ’n stemreg uit te oefen (uitgesluit volmagte), het slegs een stem indien daar deur die opsteek van hande gestem word, ongeag die aantal stemregte wat sodanige persoon andersins sou kon uitoefen. Indien die stemming oor ’n bepaalde saak deur middel van stembriewe geskied, het enige persoon wat by die vergadering teenwoordig is (hetsy as aandeelhouer of as gevolmagtigde van ’n aandeelhouer) die aantal stemme wat bepaal word deur die stemregte verbonde aan die aandele wat daardie aandeelhouer hou.

BEWYS VAN IDENTIFIKASIE

Die Maatskappywet vereis dat enige persoon wat van voorneme is om ’n aandeelhouersvergadering by te woon en daaraan deel te neem, redelike voldoende identifikasie op die vergadering moet voorlê. Persone wat die vergadering bywoon, moet bewys van identifikasie tot redelike bevrediging van die Voorsitter van die vergadering voorlê en gevolglik ’n identiteitsdokument, paspoort of bestuurderslisensie saambring na die vergadering.

Op las van die Raad.



G MARQUARD
MAATSKAPPYSEKRETARIS
9 Julie 2026

VOLMAGVORM

Vir gebruik deur gewone aandeelhouers van KLK Landbou Beperk by die Algemene Jaarvergadering wat gehou word op Vrydag 31 Julie 2026 om 10:00.

Ek/Ons _____Reg./X-nr:_____
(Naam in hoofletters)

van _____
(Adres)

die geregistreerde houer(s) van _____gewone aandele in KLK Landbou Beperk, stel hiermee aan:

1. _____(of in sy afwesigheid)

2. _____(of in sy afwesigheid)

3. Die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering as my/ons gevolmagtigde om dit by te woon, te spreek en te stem namens my/ons, of buite stemming te bly by die Algemene Jaarvergadering wat gehou word by Karakoelstraat 14, Upington op Vrydag 31 Julie 2026 om 10:00, en wel soos volg:

BESLUIT	WAAROOR	VIR	TEEN	BUITE STEMMING
6.1 Gewone besluit nommer 1	Finansiële Jaarstate			
6.2 Gewone besluit nommer 2	Aanstelling van Ouditeure			
6.3.1 Gewone besluit nommer 3	Verkiesing van Direkteur: AJ de Haast			
6.3.2 Gewone besluit nommer 3	Verkiesing van Direkteur: D Engelbrecht			
6.3.3 Gewone besluit nommer 3	Verkiesing van Direkteur: AR Kotzé			
6.3.4 Gewone besluit nommer 3	Verkiesing van Direkteur: M Meyer			
6.4 Gewone besluit nommer 4	Aanstelling van Oudit-en-Risikokomitee			
6.5 Gewone besluit nommer 5	Algemene magtiging om aandele toe te ken en uit te reik			
6.6 Spesiale besluit nommer 1	Goedkeuring van nie-uitvoerende direkteursvergoeding			
6.7 Spesiale besluit nommer 2	Finansiële bystand, artikel 44 & 45			
6.8 Spesiale besluit nommer 3	Terugkoop van aandele			

- Merk die instruksie tot volmag by wyse van 'n kruisie in die toepaslike blokkie.
- Tensy andersins aangedui, mag my/ons gevolmagtigde stem soos hy/sy goeddink.

Geteken te _____op _____2026.

_____
HANDTEKENING

Belangrik en vir Kennisname

Voltooi u volmagvorm en lewer in by naaste KLK Landbou tak, of pos dit vir aandag, Die Maatskappysekretaris, KLK Landbou Beperk, Posbus 86, Upington 8800, of e-pos na *grandville@klk.co.za*.

'n Aandeelhouer wat geregtig is om die Algemene Jaarvergadering by te woon en te stem, is geregtig om 'n gevolmagtigde aan te stel om die vergadering namens hom by te woon, te praat en te stem. Die getekende volmagvorm moet bovermelde adres van die Maatskappy nie later as Woensdag 29 Julie 2026 bereik nie.